


INTELLEKTUEEL IN KONTEKS

Opstelle vir Hennie Rossouw



Redakteurs:

Anton van Niekerk

Willie Esterhuyse

Johan Hattingh

Kapitalisme

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Pretoria

1993

Schumpeter

RSA

Hoofstuk 6

Kapitalisme, sosialisme en demokrasie:
'n herbesinning oor Schumpeter ná die
revolusie van 1989

Sampie Terreblanche

Probleemstelling

Joseph Schumpeter se *Capitalism, socialism and democracy*, wat in 1942 gepubliseer is, handel hoofsaaklik oor die onderlinge verhouding tussen die demokrasie en alternatiewe ekonomiese stelsels. Toe hy dit tydens die Tweede Wêreldoorlog geskryf het met die Groot Depressie nog vars in die geheue, het vraagtekens oor die toekoms van sowel die kapitalisme as die demokrasie gehang. Die ouoritêre stelsels van die Fascisme, Nazisme en Sowjet-Sosialisme (of Kommunisme) was in daardie stadium skynbaar op die oorwinningspad in groot dele van kontinentale Europa. Te midde van die skerp ideologiese botsings op sowel die ideologiese as die militêre terreine oor politieke en ekonomiese stelsels, het Schumpeter 'n besliste keuse ten gunste van die demokrasie gemaak. Hy was egter van mening dat demokrasie en kapitalisme nie versoenbaar is nie. Daarby voorspel hy dat kapitalisme nie oor die lang termyn kan oorleef nie en waarskynlik deur 'n vorm van sosialisme vervang sal word. Terselfdertyd was hy optimisties dat 'n vorm van sosialisme ontwerp kan word wat nie alleen ekonomies funksioneel nie, maar ook versoenbaar sal wees met demokrasie soos hy dit definieer.

Sedert die Tweede Wêreldoorlog is die proses van demokratisering en die daarvan gepaardgaande *welfarization* waarmee die meeste geïndustrialiseerde Westerse lande ná die Eerste Wêreldoorlog begin het verder gevoer. Owerheidsbesteding as persentasie van die Bruto Binnelandse Produk het in hierdie lande gestyg van rondom 10 persent in 1910 tot rondom 45 persent in 1990. Gedurende die derde kwart van die 20ste Eeu het die geïndustrialiseerde markekonomieë 'n

'goue era' van ongekend hoë ekonomiese groei ervaar. Dit het die toename van die reële per capita-inkome met ongeveer 4 persent per jaar laat styg.

In sowel die sestiger- as die tagtigerjare het 'n groot aantal ontwikkelende lande hulle ouoritêre politieke stelsels vir demokratiese stelsels verruil. Die nuutgevestigde demokrasieë was weliswaar nie oral ewe standhoudend nie. Tydens die Revolusie van 1989 het die sogenaamde *actually existing socialism* in Oos-Europa egter in duie gestort. Hierdie lande, saam met die lande van die eertydse Sowjet-Unie, bevind hulle nou in die pynlike oorgang na sowel markgeoriënteerde ekonomiese stelsels as demokratiese politieke stelsels.

In veral Westerse lande het die ineenstorting van *actually existing socialism* tydens die Revolusie van 1989, en die verbrokkeling van die Sowjet-Unie ná die abortiewe staatsgreep van Augustus 1991, gelei tot 'n postsosialistiese en 'n postkommunistiese euforie. Dit het onder neoliberalie (soms ook neokonserwatiewe genoem) aanleiding gegee tot 'n onkritiese triomferende houding oor die verdienste van sowel (politieke) *demokrasie* as (vryemark) *kapitalisme* en oor die natuurlike versoenbaarheid van hierdie twee stelsels.

Te midde van die seëvierende houding oor demokratiese kapitalisme, het 'n hernieuwe belangstelling in Schumpeter se *Capitalism, socialism and democracy* ontstaan. Die standpunte wat hy oor die lewensvatbaarheid van al drie hierdie stelsels en oor hulle onderlinge versoenbaarheid ingeneem het, word veral onder neoliberalie opnuut opgediep en word met leedvermaak beweer dat die geskiedenis Schumpeter se 'voorspellinge' geloënstraf het. Toe Schumpeter sy boek oor die onderlinge verhouding tussen demokrasie en alternatiewe ekonomiese stelsels aan die begin van die veertigerjare geskryf het, was die historiese tydstip blykbaar gunstig vir spekulasie oor die relatiewe lewensvatbaarheid van verskillende sosiaal-ekonomiese stelsels. In die begin van die negentigerjare, ná die Revolusie van 1989, is die tyd blykbaar weer gunstig vir sodanige spekulasie, maar vanweë die ervaring van die afgelope 50 jaar is die kontoere van die debat ingrypend anders as toe Schumpeter geskryf het.

Peter Berger vind die hoë status wat Schumpeter se boek verwerf het, eienaardig aangesien *almost every one of its main propositions has been empirically falsified* (1992:7). Hy beweer dat uit 'n empiries en streng rasionele oogpunt beoordeel, sosialisme 'n *unmitigated economic and political disaster* geblyk te wees het. Daarenteen is die kapitalistiese grondslag wat Berger as 'n voorvereiste vir demokrasie beskou, volgens hom stewig gevlestig. Hy neem die byna dogmatiese standpunt in dat *democratic capitalism appears to be the only way to go* (1992:14). Robert Heilbroner vereenselwig hom met Berger: *Less than seventy-five years after it officially began, the contest between capitalism and socialism is over: capitalism has won* (1989:30).

Daarenteen is Claude Ake se reaksie op *the current triumphalism in the West* egter dat hoe meer hy daaraan blootgestel word, (*he*) increasingly has come to suspect that Schumpeter may have been right when he claimed that the real problem of capitalism is not its failures ... but its success. Die heersende atmosfeer in die Weste herinner hom very much of the 'respublica christiana' before the Reformation (1992:36).

Die vraag ontstaan dus of dit geoorloof is om die ekonomiese stelsel wat in die Sowjet-Unie en in Oos-Europese lande bestaan het, as *actual existing socialism* te bestempel – soos vry algemeen deur neoliberalie gedoen word – en om in die ondergang daarvan voldoende gronde te vind vir die onwerkbaarheid van alle vorme van sosialisme. Dit is 'n vraag wat besonder relevant is uit die perspektief wat *Capitalism, Socialism and Democracy* bied.

Voordat die huidige relevansie van Schumpeter se CSD bepaal kan word, is dit nodig dat ons ons opnuut sal verantwoord oor sy opvatting oor die lewensvatbaarheid van *kapitalisme*, *sosialisme* en *demokrasie* en oor hoe hy die versoenbaarheid van demokrasie met kapitalisme en sosialisme onderskeidelik gesien het.

Kapitalisme kan nie sy eie sukses oorleef nie

'n Kortbegrip van Schumpeter se siening van kapitalisme en sosialisme

Dit is volgens Schumpeter 'n wesenskenmerk van die kapitalisme dat diegene wat vir innovasies verantwoordelik is, *entrepreneurs* genoem moet word en dat hulle optrede en funksie op geen manier

gekortwiek sal word nie. Benewens hierdie eng ekonomiese definisies, gee hy in sy omskrywing van kapitalisme besondere aandag aan die bourgeois type of society wat as die kulturele omgewing dien waarin die logika van die kapitalistiese enjin tot ontplooiing kom. Hy maak egter die belangrike kwalifikasie dat such a type of society is not ... purely bourgeois ... [because] an industrial and commercial bourgeoisie will in general not be able to exist except 'in symbiosis with a non-bourgeois stratum' (167).

Schumpeter se ontleding van die kapitalisme word gekenmerk deur eienaardige en onvoorspelbare teenstellinge wat na teenstrydighede lyk en meermale ook is. Enersyds is hy gefassineer deur die 'entrepreneur' en die oorsaaklike rol wat hy in die dinamiese gang van die kapitalisme speel. Andersyds openbaar hy 'n onverbloemde minagting vir die bourgeoisie' en vir die whole scheme of bourgeois values wat mettertyd die bourgeois vesting – oftewel die kapitalisme – polities onverdedigbaar sal maak. Net so volhard hy met sy standpunt dat die voortbestaan van die kapitalisme nie deur die ekonomiese werking van die stelsel bedreig word nie – omdat die interne logika van die kapitalistiese dinamika bo verdenking staan – maar dat die onbehoorlike sukses van die kapitalistiese enjin die voortbestaan van kapitalisme mettertyd in gedrang gaan bring vanweë die effek wat dit uitoefen op the cultural complement of the capitalist economy ... on its socio-psychological 'superstructure' ...[and on] the 'mentality' that is characteristic of capitalist society and in particular of the bourgeois class (121). Sy hoof tema is dat die ekonomiese sukses van kapitalisme oor die lang termyn die socio-psychological superstructure só ingrypend sal omvorm en mettertyd sodanige kulturele omstandighede en lewensaardes sal skep, dat dit nie langer bevorderlik vir die werking en voortbestaan van die kapitalisme sal wees nie en die ontstaan van sosialisme waarskynlik, en selfs onvermydelik, sal maak.

In 'n laaste artikel wat hy in 1950 geskryf het, blyk dit dat hy altyd 'n onwillige sosialis was: 'I do not advocate socialism' ... I do not 'prophesy' or predict it. Factors external to the chosen range of observations 'may' intervene to prevent that consummation (1950:447).

In 1942 het hy sy 'siening' oor kapitalisme en sosialisme in die volgende – nou reeds beroemde – paragraaf saamgevat:

Can capitalism survive? No. I do not think it can ... The actual and prospective performance of the capitalistic system is such as to negate the idea of its breaking down under the weight of economic failure, but that its very success undermines the social institutions that protect it, and 'inevitably' creates conditions in which it will not be able to live and which strongly point to socialism as heir apparent (61).

Schumpeter is dus van mening dat die kapitalisme nie tot niet sal gaan vanweë 'n kwaadaardige groiesel in die ekonomiese 'kern' nie, maar vanweë 'n ongeneeslike neurose, dit wil sê 'n 'voortgangs-neurose' in die kulturele liggaam waarin die ekonomiese 'kern' gesetel is.

Die verskil tussen Schumpeter se ondergangsteorie en dié van ander skrywers

Hoewel Schumpeter met Marx en ander sosialiste saamstem dat sosialisme vroeër of later die opvolger van kapitalisme gaan wees, is sy redes anders as dié van Marx. Schumpeter het sy siening oor die onvermoë van kapitalisme om oor die lang termyn te kan oorleef, nie aan ekonomiese swakhede of aan ekonomiese teenstrydighede of aan gebreke inherent aan die kapitalistiese enjin toegeskryf nie. Hy voorsien nie 'n afname in produktiwiteit of 'n verdwyning van beleggingsgeleenhede nie. Hy beroep hom ook nie op die uitbuiting van die proletariaat deur die bourgeoisie, of op groeiende ongelykheid en 'n onregverdigde verdeling van inkome nie en ook nie op 'n polarisasie tussen die rykes en armes nie.

Schumpeter het Marx se uitbuitingsteorie, dat dit tot die inherente logika van die kapitalisme behoort om die breë arbeidstand stelselmatig uit te buit, verwerp as 'n wetenskaplik onverdedigbare teorie. Hy het eweneens Marx se arbeidswaardeteorie, waaraan die uitbuitingsteorie ontleen is, verwerp omdat dit volgens hom nie geoorloof is om arbeid as die enigste maatstaf van waarde (soos Ricardo veronderstel het) of as die enigste bron van waarde (soos Marx beweer het) te beskou nie. Die uitbuitingsteorie het volgens Schumpeter geen analitiese verdienste nie en is in die laaste instansie 'n blote rasionalisasie van die eeue-oue slagspreuke van misnoegdheid

wat die laer stand teenoor die hoër stande koester en waarvolgens die laer stand die hoër stand verwyt dat hy op die vrugte van ander se arbeid teer (vgl. CSD:Hf IV).

Schumpeter het in sy siening van die onvermoë van die kapitalisme om te oorleef, ook nie sy toevlug geneem tot die teorieë van daardie onheilprofete wat in die Groot Depressie die ekonomiese insinking en chroniese werkloosheid verklaar het in terme van 'n endemiese neiging van volwasse kapitalisme om te stagneer nie. Hy het oortuigend geargumenteer dat ondanks die afname in die bevolking en die afwesigheid van nuwe koloniale *frontiers*, die stagnasieteoretici die beleggings onderskat het wat steeds deur verbeeldingryke entrepreneurs en deur 'n gunstige atmosfeer van innovasie geskep kan word. Vir Schumpeter is winste nie die vernaamste *bron* van kapitaalkumulasie nie, maar die *aansporing* vir entrepreneurskap. Hy was optimisties dat solank die entrepreneurs vir hulleself met innovasies geleenthede kan skep om monopoliewinste te maak, daar nie 'n gebrek aan investering en op die duur ook nie 'n afname in die dinamiese gang van die kapitalisme sal wees nie.

Die rol van die entrepreneur en die proses van 'skeppende vernietiging'

Die oorspronklikheid van Schumpeter se benadering blyk duidelik wanneer sy siening van die *logika* van ekonomiese *dynamika* vergelyk word met die neoklassieke model van 'n volmaak mededingende markekonomie (VMME). Volgens hom is die (statiese) toedelingsdoeltreffendheid wat in 'n VMME bereik word, van weinig belang om die dynamika van die kapitalisme te verklaar, omdat die aannames waarop die model gebaseer is, nie alleen te abstrak is nie, maar ook te onrealisties en onhaalbaar.

Schumpeter het die *dynamiese* karakter van die kapitalisme só beskryf: Ekonomiese 'innovasies' wat deur die 'entrepreneur' geïnisieer word, verbreek die statiese Walras-Pareto-equilibrium. Met behulp van kredietstekking word 'n proses van kapitalistiese ontwikkeling aan die gang gesit. Aangesien innovasies in golwe gemaak word, het die ekonomie noodwendig 'n sikliese verloop. Hierdie sikliese gang is 'n proses van aanhoudende akkumulasie-en-verandering: *Capitalism ... is by its nature a form or method of economic change and not only never is, but*

never can be stationary (82). Die voortdrywende impuls wat die proses aan die gang sit en aan die gang hou, is afkomstig van die (tegnologiese en organisatoriese) *innovasies* waarvoor *entrepreneurs* verantwoordelik is. Die innoverende optrede van entrepreneurs is verantwoordelik vir 'n *process of industrial mutation*: ... *This process of industrial mutation incessantly revolutionizes the economic structure 'from within', incessantly 'destroying' the old one, incessantly 'creating' the new one. 'This process of creative destruction' is the essential facet about capitalism*' (83).

Die proses van 'skeppende vernietiging' het 'n verskeidenheid van toepassings in Schumpeter se skema gehad. Wanneer 'n entrepreneur met innovasies vorendag kom, 'vernietig' hy die statiese ewewig én die aansprake van die model van volmaakte mededinging: *If we try to visualise how perfect competition works or would work in the process of creative destruction, we arrive at the ... result ... that the bulk of what we call economic progress is incompatible with (perfect competition)* (104-5). Innovasie vernietig nie net herhaaldelik die statiese ewewig en/of die neiging na so 'n ewewig nie, maar 'skep' vir die entrepreneur ook 'n (tydelike) monopolie. Hierdie monopolie verleen nie net inisiale beskerming aan die entrepreneur nie, maar ook die geleenthed om (welverdiende) monopoliewinste te maak vir solank sy innoverende 'voorsprong' ongeskonde gehandhaaf bly.

Met die dinamiese én tydelike betekenis wat Schumpeter verleen het aan 'n monopolieposisie wat deur innovasies verwerf word, het hy aangetoon dat sowel die teorieë van volmaakte as onvolmaakte (of monopolistiese) mededinging te staties is en daarom onbruikbaar is. Vanweë die proses van aanhoudende akkumulasie-en-verandering, sal die monopolieposisie van 'n entrepreneur telkens 'vernietig' word wanneer ander die voorloper se vernuwing nageboots het of wanneer 'n ander entrepreneur 'n nuwe monopolieposisie deur innovasies 'skep'.

Schumpeter beskou monopolie en monopolistiese profyte – in teenstelling met die neoklassieke teorieë – as 'n inherente bestanddeel van die dynamika van die kapitalisme. Wat dikwels na buitensporige profyte lyk, *provides the bait that lures capital on to untried trails* (90).

Die rol wat Schumpeter aan die entrepreneur toegeken het in die skouspelagtige opkoms van die kapitalisme – van, sê, die 16de eeu tot die hoogtepunt van *unfettered* of *laissez-faire* kapitalisme van die 19de eeu – is beslis oordrewe. Hendrik Lambers waarsku egter dat die visionêre betekenis van Schumpeter se siening van die entrepreneur en van sy stelling dat *innovation is the moving force in material progress* nie onderskat moet word nie. Binne die raamwerke van die kapitalisme speel die entrepreneur vir hom die rol van 'n Griekse tragiese held: *Schumpeter loved the Greek tragedies ... So he must have been fully aware that the hero is the actor who sets in motion the chain of reactions which will fulfil his moira, his pre-ordained fate ... (1981:126-127)*.

Die onvermydelike verkrummeling van die ondersteunende raamwerk van die kapitalisme

Om te verduidelik waarom die kapitalisme op die duur nie kan oorleef nie, het Schumpeter 'n redelik ingewikkelde konstruksie ontwerp oor hoe die kapitalistiese enjin in sy *ekonomiese* segetog kulturele en psigo-sosiologiese *newe-effekte* 'produseer' waardeur die semi-feodale beskawingsraamwerk, wat besonder bevorderlik vir die ontplooring van die logika van die kapitalisme se dinamika was, 'vernietig' word en *a purely bourgeois society* in die plek daarvan 'geskep' gaan word. Hierdie *bourgeois* beskawing sal mettertyd nog die nodige beskerming nog die nodige geestelike en ideologiese stukrag kan verskaf aan die kapitalistiese enjin, en veral aan die entrepreneurs wat onontbeerlik vir die dinamiese gang van die kapitalisme is.

Schumpeter identifiseer veral twee kulturele 'newe-produkte' wat uiteindelik 'n strategiese rol gaan speel in die sloping van die ou beskawingsraamwerk en in die skep van die nuwe, naamlik die ontwikkeling van 'n (te) rasionalistiese lewenshouding wat veral deur die intellektuele as 'n selfstandige sosiale groep gepropageer gaan word, en die ontstaan van grootskaalse en geburokratiseerde ondernemings wat oor geïnstitutionaliseerde monopolistiese mag sal beskik. Hierdie korporatiewe reuse sal mettertyd vooruitgang só meganiseer en *automatiseer* dat nie alleen die entrepreneur nie, maar ook die bourgeoisie, en daarmee die kapitalistiese ekonomie oorbodig sal raak.

Die rasionalistiese lewenshouding en die verwoording van die kapitalistiese beskawing

Schumpeter tref 'n belangrike onderskeid tussen wat hy 'n 'rasionale houding' en 'n 'rasionalistiese beskawing' noem: *Economic necessity ... forced ... the rational attitude ... on the human mind; we as a (human) race own our elementary training in rational thought and behavior ... (to) our everyday economic task (122)*. Met verloop van tyd het die dinamika van die kapitalisme, deur die wyse waarop dit die gebruik van geld en die wetenskap bevorder het, die rasionale lewenshouding tot 'n *rasionalistiese beskawing* laat ontwikkel (124).

Die rasionalistiese beskawing het in noue wisselwerking met die opkoms van kapitalisme steeds sterker na vore getree in die *mental attitude of modern science* wat nuwe professionele loopbane vir wetenskaplikes en intellektuele geskep het. Terwyl die Kerk en die hiërgarie van veggende landhere sedert die Middeleeue die vernaamste bane vir sosiale opgang en vir die verwerwing van mag en prestige was, het kapitalistiese ondernemings en veral skouspelagtige entrepreneurskap sedert die 17de eeu 'n derde baan gebied waارlangس begaafde mense met flair en ambisie hoë sosiale aansien en mag kon verwerf. Skeppende entrepreneurskap het mettertyd so fassinerend geword dat dit die beste breinkrag gelok het om daardie ekstra sukses te behaal wat nodig was om addisionele stoom vir die rasionalistiese enjin van kapitalisme te genereer.

Die rasionalistiese beskawing sal mettertyd so 'n kritiese, so 'n siniese en so 'anti-heroiese' mentaliteit skep dat dit op die lange duur nie anders kan as om die morele ouoriteit van die kapitalisme te ondermyn nie:

The bourgeois finds to his amazement that the rationalist attitude does not stop at the credentials of kings and popes but goes on to attack private property and 'the whole scheme of bourgeois values'. The bourgeois fortress thus became 'politically' defenceless (143).

Die logika van die kapitalistiese dinamika, of die proses van skeppende vernietiging, kan alleen na waarde geskat word as mens besef dat die kapitalistiese enjin nie net 'n rasionalistiese beskawing geproduseer nie, maar óók 'n *atmosphere of almost 'universal hostility to its own social order'*. In teenstelling met ander beskawings verwerf die

kapitalisme onvermydelik, by virtue of the very logic of its civilization, 'n gevestigde belang in sosiale kritiek en tesame daarnee óók in die intellektuele as groep. Vir sy bestaan teer hierdie groep – as tipies kapitalistiese sosiale fenomeen – op sosiale kritiek en sosiale onrus: *[It is in this group's] interest ... to work up and organize resentment, to nurse it, to voice it and to lead it.* Aangesien die kapitalistiese enjin 'n groeiende behoefte aan hoogs geskoold professionele mannekrag het, het dit geen ander keuse as om die intellektuele groep te skep, te skool, te vertroetel en te subsidieer en om onbelemmerde vryheid daarvan te verleen nie (145).

Die morele misnoë wat die intellektuele mettertyd teenoor die kapitalisme openbaar, is op die ou end nie so belangrik soos die algemene atmosfeer van vyandigheid wat hulle teen die kapitalistiese beskawing en teen die 'bourgeois waardes' aanblaas nie. Die ironie van dit alles is dat *this hostility increases, instead of diminishing, with every achievement of capitalist evolution* (153). Uiteindelik sal die bourgeoisie in so 'n mate oorweldig word deur die vyandige aanslag teen hom en teen sy skema van waardes dat hy naderhand nie anders sal kan as om ernstige bedenkinge oor sy eie verdienste en sy eie bestaansreg te koester nie. Die kapitaliste sal dan as 't ware opgestel word *before judges [i.e. the intellectuals] who have the death sentence in their pockets* (144). Die bourgeoisie strata sal dan hul selfvertroue verloor terwyl hul eie bestaansorde (*will*) no longer make sense to the bourgeoisie itself and ... when all is said and nothing is done, (the bourgeoisie) does not really care (161).

In die slopingsrol wat Schumpeter aan die intellektuele groepe toegeken het, was hy waarskynlik te sterk beïnvloed deur die rol wat 'n klein groepje intellektuele in die dertigerjare te midde van groot onsekerheid en ideologiese botsing oor politieke en ekonomiese stelsels gespeel het. Gevolglik is hy geneig to exaggerate both the radicalism and the social influence of intellectuals in modern societies (Bottomore, 1981:36). Bottomore beweer dat tydperke van intellektuele radikalisme (soos in die 1930's en 1960's) opgevolg is deur tydperke van konserwatiewe reaksie onder intellektuele (bv. die 1950's en 1970's). Peter Berger, daarenteen, stem saam met Schumpeter dat radikaal georiënteerde intellektuele – the knowledge class soos hy hulle noem – geneig is om sowel polities as ideologies links van die

sogenaamme old middle class te wees en geneig is om in hulle overall orientation sterk anti-kapitalisties te wees. Volgens hom is the knowledge class ... a major antagonist of capitalism (Berger, 1987:67-68). Schumpeter sou waarskynlik hiermee saamgestem het.

Die rasionalisering en burokratisering van kapitalistiese vooruitgang

Soos reeds aangetoon, was Schumpeter realisties genoeg om die funksionele rol wat monopolieë en groot ondernemings in die dinamiese gang van die kapitalisme speel, te erken en aan te prys. Maar hy het voorsien dat monopolistiese ondernemings deur onderlinge samespanning en deur die beskerming wat hulle van die owerheid kan afsmeek, tot grootskeepse korporatiewe reuse kan groei met 'n kapitaalkragtigheid wat hulle in staat stel om *the gales of creative destruction* suksesvol te weerstaan.

Die motivering vir onderlinge samespanning en die aandrang op owerheidsbeskerming ontstaan vanweë die rasionalistiese lewenshouding wat mettertyd, ter wille van groter stabiliteit en rationele kosteberekening, daardie soort beskerming opeis wat net deur 'n grootskaalse en 'n geïnstitutionaliseerde monopolieposisie verskaf kan word. Enersyds sal hierdie soort monopolistiese ondernemings die nodige beskerming aan groot korporatiewe reuse kan verleen, maar andersyds sal hulle 'n buffer wees wat die aanslag van Skeppende Vernietiging so suksesvol sal afweer dat hierdie proses as 't ware in die kiem gesmoor sal word. Gevolglik sal die groot korporasies die funksie van die entrepreneur meganiseer en *automatiseer* totdat innovation is being reduced to routine (132). Hierdeur sal entrepreneurskap van die persoonlike karakter en van die flair en ridderlike waaghalsigheid ontneem word.

Wanneer die grootskeepse ondernemings vooruitgang gemeganiseer en geautomatiseer het, sal nie alleen die entrepreneur nie, maar ook die bourgeoisie strata én private eiendom, ontneem word van die funksies wat hulle in ongebredelde kapitalisme gehad het. Uiteindelik sal die afbrekende ingesteldheid wat deur die rasionalistiese beskawing gekweek word en die oplaaiende antagonisme teen die bourgeoisie, ook die instelling van private eiendom ondermyne.

Die kapitalistiese proses wat sy dinamika aan die entrepreneur en aan die bourgeois strata te danke het, sal op die ou end die posisie van die bourgeois ondermyn by decreasing the importance of the function of the entrepreneurs and capitalists, (and) by breaking up (the) protective strata and institutions' [of the pre-capitalist society], and – by creating an atmosphere of hostility – also 'decomposes the motor forces of capitalism from within' (161-2).

Terwyl eiendom steeds in die hande van aandeelhouers sal bly, sal die eienaars van hulle besluitnemingsfunksie ontnem word en sal hulle tot blote renteniers gereduseer word. Eiendom sal in so 'n mate van sy funksie en betekenis ontnem word dat dit later net sowel in openbare eiendom omskep kan word. Die rasionalistiese mentaliteit en die ontstaan van korporatiewe reuse sal mettertyd allerhande kontradiksies skep omdat die rasionalistiese lewenshouding wat deur die kapitalisme gegenereer word, onversoenbaar gaan blyk met die irrasionele verdraagsaamheid wat eiendomsregte opeis en wat 'n voorvereiste vir ongebreidelde kapitalisme is.

Een van die belangrikste besware wat mens teen Schumpeter kan opper, het betrekking op sy opvatting dat die verdwyning van die entrepreneur ook tot die ondergang en die 'ontseining' van die bourgeois stand én van eiendom sal lei (131-134). Dit wil voorkom asof Schumpeter die bourgeoisie redelik eng gedefinieer het as 'n eienaarsklas wat direk en onregstreeks van die winste van die entrepreneurs afhanglik is. Vanweë die grootskeepse belegging in menslike kapitaalvorming en die dramatiese opkoms van die professionele stand neem die eiendom waarmee die bourgeoisie in die tweede helfte van die 20ste eeu geassosieer word, al hoe meer die vorm aan van kennis en professionele vermoëns en speel fisiële eiendom nie meer so 'n belangrike rol soos Schumpeter veronderstel het nie.

Ter wille van die nodige perspektief is dit nodig om te beklemtoon dat Schumpeter van mening was dat die kapitalistiese enjin would – if allowed to do so – work for another forty years about as successfully as it did in the past (110). Die belangrikste redes waarom die einde van die kapitalisme (in 1942) nog nie in sig was nie, is die feit dat there are no 'purely economic' reasons why capitalism should not have another successful run ... of fifty years of evolution (163, kursivering oorspronklik). Die

kapitalisme se einde was volgens hom nog nie in sig nie omdat die tendensies wat hy onder die oppervlak waargeneem het, hulleself nog nie volledig deurgewerk het nie: Industrial integration is far from being complete. Competition ... is still a major factor ... Enterprise is still active, the leadership of the bourgeois group still the prime mover of the economic process; ... bourgeois standards and motivations – though being increasingly impaired – are still alive. Die dinge wat mens op die oppervlak waarnem is van tydelike belang. In these things, a century is a short run. Wat belangriker is, is the tendency toward another civilization that slowly works deep down below (163).

Die onversoenbaarheid van demokrasie, demokratiese 'inmenging' en kapitalisme

Die 'welfarization' van die kapitalisme bevraagteken

Schumpeter het die verrassende standpunt gehuldig – gesien uit die perspektief van die 1990's – dat die ondergang van die kapitalisme nie voorkóm kan word deur groter owerheidsinmenging en/of deur 'n groter demokratiese betrokkenheid op die ekonomiese terrein nie. Aangesien die voortbestaan van die kapitalisme nie deur die ekonomiese werkwyse van die stelsel bedreig word nie, maar deur die sosiaal-kulturele neweprodukte daarvan, is dit volgens hom misplaas om deur groter owerheidsinmenging in die ekonomie te soek na 'n oplossing vir die sosiaal-kulturele bestaanskrisis van die kapitalisme. Die demokratisering van die kapitalisme, of die ontstaan van demokratiese en/of welsynstaatkapitalisme, sal volgens hom nie die lewenstog van die kapitalisme verleng nie, maar dit eerder verkort. Enersyds sal dit die neiging tot burokratisering bevorder en andersyds sal die groter 'inmenging' – en die veelvoud van regulasies wat dit meebring – die werkwyse en aanpassingsvermoë van die kapitalistiese enjin net verder belemmer.

Schumpeter het geglo dat die dinamika van die kapitalisme neig om sigself te 'sosialiseer' aangesien die ongebreidelde kapitalisme in alle geïndustrialiseerde Westerse lande 'noodwendig' sal oorgaan in fettered (of georganiseerde of geburokratiseerde) kapitalisme wat op sy beurt 'noodwendig' deur die sosialisme opgevolg sal word. Reeds in die fase van ongebreidelde kapitalisme sal 'n verhouding van oplaaiende spanning tussen die private en openbare sektore bestaan.

Wanneer die fase van 'volwasse' of *fettered capitalism* bereik word – wat deur groot staatsinmenging, die groei van die burokrasie, stygende belastings en die toename van regulasies gekenmerk sal word – sal die botsing en wrywing tussen die private en openbare sektore ontaard in 'n endemiese magstryd. Hierdie stryd sal net tot 'n einde kom wanneer geburokratiseerde kapitalisme in sosialisme oorgaan en die private sektor as 't ware uitgefaseer word.¹

Schumpeter maak groot gewag van die nadelige en onvermydelike vermorsing van veral goeie breinkrag wat deur die oplaaiende stryd tussen die private en die openbare sektore veroorsaak word – veral as mens rekening hou met *how terribly rare good brains are!* Enersyds gaan 'n groot deel van die werk van regsegeleerdees en rekenmeesters *into the struggle of business with the state and its organs*. Andersyds het die openbare sektor ook goeie breinkrag nodig om belasting te wring uit die bourgeoisie, wat uiters onwillig is om belasting te betaal. Hy beweer dat *no such conflict ... (and) no such wastes would exist in socialist society* (198).

Schumpeter het kritisies gestaan teenoor sowel die New Deal van Roosevelt as die Keynesiaanse formule van 'n anti-sikliese fiskale beleid as benaderings om die stagnasie- en werkloosheidsprobleme van die kapitalisme in die dertigerjare te probeer oplos. Sy argument was dat die Groot Depressie nie 'n strukturele probleem was nie, maar dat die diepte van die sikliese insinking bloot toegeskryf moet word aan 'n toevallige saamval van die trôe (of onderste draaipunt) van die Kitchen-, Juglar- en Kondratieffgolwe wat respektiewelik 'n spanwydte van 40 maande, 10 jaar en ongeveer 50 jaar het. In plaas van addisionele burokratiese bestedings en regulasies, pleit hy dat die kapitalistiese enjin die geleentheid gegun moet word om deur 'n *remedial recession* te beweeg om daarna weer uit eie krag 'n sikliese opswaai te beleef (Schumpeter, 1950:454).

Schumpeter se verwerping van die Keynesiaanse benadering word in die literatuur deels toegeskryf aan sy naywer op Keynes en deels aan sy gebrek aan begrip van die Keynesiaanse makro-ekonomiese. Nadat Schumpeter die geleentheid verspeel het om die sosiale demokrasie as oplossing vir die probleme van *laissez-faire* kapitalisme te aanvaar, het hy blykbaar geen ander keuse gehad as om sy toevlug tot demokratiese sosialisme te neem nie.

Vanweë sy verwerping van die Keynesiaanse benadering en die New Deal kon hy nie oortuig raak dat die *mixed economy* en die proses van *welfarization* die lewenstog van die kapitalisme sou verleng nie. Wat hom betref, was die groter overheidsinmenging wat dit bewerkstellig het, niks anders as 'n *half-way house* op pad na die sosialisme is nie. Hy voorspel dat sowel die chroniese toename in welsynbestedings as die fiskale en monetêre maatreëls wat ter wille van volle indiensneming getref word, *perennial inflationary pressure* tot gevolg sal hê. Die moderne *mixed economy* gaan noodwendig 'n vraag na openbare bestedings genereer wat die totale vraag en die peil van indiensneming chronies tot bokant die 'natuurlike vlakte' sal opvoer. Dit sal 'n selfversterkende spiraal van lone en pryse in beweging plaas wat mettertyd net deur prys- en loonvasstelling gestuit sal kan word en dit sal tot 'n verdere 'sosialisering' van die kapitalisme lei (Schumpeter, 1950:447-453).

Schumpeter se byna irrasionele vrees vir die inflasieverskynsel is waarskynlik die gevolg van sy blootstelling aan die hiperinflasie wat Duitsland aan die begin van die twintigerjare ondervind het. Nogtans vorm die 'endemiese' of 'strukturele' verband wat hy tussen die welsynstaat en die inflasieneiging voorsien het 'n belangrike deel van sy argument dat die 'demokratisering' of *welfarization* van kapitalisme nie die kapitalisme kan red nie, maar slegs tot steeds meer *fettering* en meer burokratisering van kapitalisme sal lei. Hy beskou die welsynstaat as 'n belangrike onderdeel van die onvermydelike proses van sosialisering.

Die onvermoë van selfs neokonserwatiewe regerings soos dié van Reagan en Thatcher om overheidsbesteding as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk te verlaag, is 'n aanduiding dat Schumpeter sommige probleme van *welfarization* verbasend korrek voorsien het. Hy sou die sterk weerstand teen belasting en die groeiende staatskuld wat in die VSA in 'n versnelde tempo akkumuleer, waarskynlik as 'n duidelike teken van versnelde 'sosialisering' van die kapitalisme geïdentifiseer het.

Die interafhangklikheid van die kapitalisme en die demokrasie

Schumpeter het 'n interessante siening oor die historiese interafhangklikheid van die kapitalisme en die demokrasie gehuldig. Hy meen, soos baie van die neoliberalse voorstanders van 'n demokratiese kapitalisme, dat die kapitalisme 'n bourgeois oorsprong het. *Historically the modern democracy rose along with capitalism and in causal connection with it.* Demokrasie was 'n belangrike instrument wat deur die opkomende bourgeoisie gebruik is *in breaking down the pre-capitalist framework of society.* Die belangrike vrae wat egter in die volwasse stadium van die kapitalisme ter sprake kom, is *whether democracy is one of those products of capitalism which are to die out with (capitalism) ... or (whether) capitalist society qualifies for the task of working the democratic method* (296-297).

Sy antwoord op die eerste vraag is dat 'n verteenwoordigende demokrasie (en die welsynstaat wat dit tot gevolg het) nie versoenbaar is met 'volwasse' kapitalisme nie, maar dat die demokrasie die ondergang van die kapitalisme sal oorleef wanneer die kapitalisme nie kan bly voortbestaan nie. Soos ons hieronder sal aantoon, was hy optimisties dat die demokrasie, indien aan sekere voorwaardes voldoen kan word, wel versoenbaar met die sosialisme sal wees.

Op die vraag of die kapitaliste vindingryk genoeg is om die demokratiese metode tot hulle eie voordeel te gebruik, antwoord hy dat die kapitalisme en die demokrasie wel versoenbaar is, maar slegs in die fase van ongebreidelde kapitalisme. Slegs in hierdie fase slaag die bourgeoisie daarin om die sfeer van politieke besluitneming tot die gewenste *minimum* te beperk en onder sodanige omstandighede kan *bourgeois* kapitalisme in 'vennootskap' met *liberale* demokrasie funksioneer.

Wat Schumpeter betref, is slegs die *liberale* demokrasie (van die 19de eeu) versoenbaar met *bourgeois* kapitalisme (van die 19de eeu). Wanneer die politieke stelsel egter volledig gedemokratiseer raak en hom oor veel meer as die belangte van die bourgeoisie verantwoord, gee (verteenwoordigende) demokrasie aanleiding tot al hoe groter politieke inmenging en sal die *bourgeois scheme of things* en die legaliteit van die bourgeoisie noodwendig bedreig word.

Schumpeter het boonop 'n groot wantroue gekoester in die bourgeoisie se vermoë om 'n politieke rol te speel. Hy idealiseer die omstandighede wat in die 19de eeu bestaan het toe die bourgeoisie hulle met suwer ekonomiese aangeleenthede besig gehou het en politieke leierskap berus het by mense met 'n semi-feodale agtergrond. Die kapitalistiese enjin het ideaal gefunksioneer toe die politieke leiers in ooreenstemming met vóór-kapitalistiese waardes en gedragspatrone geregeer het en as 'n '*classe dirigente*' bereid en in staat was om die langtermynbelange van die bourgeoisie te behartig. In die tydvak van ongebreidelde kapitalisme was die feodale en die bourgeois strata vennote en het daar 'n *symbiosis of class* bestaan wat baie waardevol vir die kapitalisme was. Hoewel die feodale element enersyds 'n belemmering in die weg van die kapitalistiese vooruitgang was, het dit andersyds noodsaklike beskerming en leiding aan die bourgeoisie verleen: *In breaking down the pre-capitalist framework of society, capitalism thus broke not only barriers that impeded its progress but also flying buttresses that prevented its collapse* (137-139).

Schumpeter kom uiteindelik tot die gevolgtrekking dat *the bourgeois society signally failed ... to produce a successful political strata of its own* (298). Hoewel enkele individue uit die gelede van die bourgeoisie oor die ingesteldheid of mentaliteit beskik om 'n sukses van politieke leierskap te maak, is die bourgeoisie *as strata*, te materialisties en te korttermyn-georiénteerd om politieke leiding te verskaf. Dit spreek byna vanself dat *no social system can work ... in which everyone is supposed to be guided by nothing 'except his own short-run utilitarian ends* (1950:448).

In die fase van geburokratiseerde of 'volwasse' kapitalisme sal die openbare sektor baie groot wees en sal die *bourgeoisie*, politiek onbeholpe en ingestel op die kort termyn, die onbenydenswaardige taak hê om die oplaaiende vyandigheid tussen die private en die openbare sektore te beredder en om ook nog die vyandige aanslag van die intellektuele af te weer. Die aanslag van die intellektuele sal so fel word dat slegs 'n regering of non-bourgeois nature and non-bourgeois creed, sterk genoeg sal wees om die intellektuele te dissiplineer. Die bourgeoisie sal geen keuse hê as om aan die intellektuele die vryheid te gun *to nibble at the foundations of capitalist society*. Die bourgeoisie sal

met gelatenheid moet aanvaar dat *the intellectual group cannot help nibbling, because it lives on criticism and its whole position depends on criticism that stings ...* (151-2).

In die 'volwasse' fase van die kapitalisme sal die grootskeepse magkonsentrasie omstandighede skep wat die kapitalisme onversoenbaar met die demokrasie sal maak. Enersyds gaan verteenwoordigende demokrasie aanleiding gee tot die groei van die burokrasie, tot verdere *welfarization* en tot 'n groter konsentrasie van mag in die openbare sektor wat op sy beurt ook onversoenbaar met die kapitalisme gaan blyk. Andersyds gaan die ontstaan van grootskeepse monopolistiese ondernemings en die konsentrasie van mag in die private sektor veroorsaak dat die kapitalisme onversoenbaar met die demokrasie gaan blyk. Die gelyktydige konsentrasie van mag in die openbare en private sektore – twee sektore met botsende ideologiese ingesteldhede – gaan 'n heftige magstryd tussen hulle ontketen.²

Die feit dat Schumpeter volhard het in sy opvatting dat die Groot Depressie 'n sikielse en nie 'n strukturele probleem was nie, het hom klaarblyklik daarvan weerhou om die 'demokratiese ingryping' van die New Deal te midde van massale werkloosheid reg na waarde te skat. Gevolglik het hy slegs op die nadele van demokratiese kapitalisme gekonsentreer en in dié oopsig met verbasende profetiese uitsprake na vore gekom. Maar hierdie eensydigheid het hom daarvan weerhou om reg te laat geskied aan die verdienstes wat onteenseglik aan die demokratiese kapitalisme verbonde is. Terselfdertyd het hy ook die geleenheid laat verby gaan om aan die sosiale demokrasie, as 'n ideologiese regverdiging van demokratiese kapitalisme, met die nodige erns te bejeën.

'n Evaluasie van Schumpeter se pessimistiese siening van demokratiese kapitalisme

In 'n evaluasie wat Robert Gill van Karl Marx gemaak het, beweer hy dat een van die belangrikste insigte waartoe Marx gekom het, was his awareness of the historical relativity of given social institutions and the importance of the economic element in the process of change (Gill, 1967:41). Sedert Marx hoef sosiaal-wetenskaplikes nie meer oor die veranderlikheid van politieke en ekonomiese stelsels te twyfel nie en ook nie oor die rol wat ekonomiese en tegnologiese vernuwing in die proses van

volgehoue institutionele verandering speel nie. Dit het 'n gemeenplaas geword om te sê dat geen stel strukturele verhoudings – en daarom ook geen 'stelsel' nie – vir ewig kan bly voortbestaan nie.

Die vraag ontstaan of Schumpeter die betekenis van die strukturele veranderinge wat hy geïdentifiseer het, veral uit die oogpunt van opeenvolgende ekonomiese stelsels, korrek geïnterpreteer het. Uit sy ontledings is dit onduidelik of die strukturele veranderinge wat hy op ekonomiese, politieke en sosiaal-kulturele gebied beskryf het, inderdaad simptomies is van die inherente verval en ontbinding van die kapitalisme as 'n sosiaal-ekonomiese stelsel *sui generis*, en of dit bloot die oorgang van een fase van die kapitalisme na 'n ander verteenwoordig.

Schumpeter het soms so 'n negatiewe ingesteldheid teenoor die kapitalisme en die *bourgeois scheme of values* geopenbaar dat hy by geleenheid die vraag stel *whether it is quite correct to look upon capitalism ... as anything but the last stage of the decomposition of what we have called feudalism* (139). Dit is egter moontlik dat die kapitalisme nog verskeie en duidelik onderskeibare fases kan deurleef en dat 'n aansienlik aangepaste vorm daarvan oor, sê, honderd jaar of meer, 'n fase kan bereik wat dan met reg beskryf kan word as *the last stage of the decomposition of what we have called capitalism*.

Dit kan nie betwyfel word nie dat daar in die eerste helfte van die 20ste eeu belangrike en diepliggende veranderinge in die vernaamste strukturele verhoudinge in kapitalistiese lande ingetree het. Die skerp styging in owerheidsbesteding in die na-oorlogse tydperk duï inderdaad op veel groter burokratisering en *welfarization* as wat Schumpeter voorsien het. Net so was die ontstaan van groot korporasies waarskynlik ook vir 'n groter mate van magkonsentrasie en burokratisering in die private sektor verantwoordelik as wat hy voorsien het. Hoewel Schumpeter in 1942 die opkoms van die demokratiese kapitalisme en die nuwe magpatrone op sosiale, ekonomiese en politieke gebied met profetiese insig beskryf het, ontstaan die vraag of hy hierdie veranderinge korrek geïnterpreteer het en of dit geoorloof was om demokratiese kapitalisme en die opkoms van die welsynstaat bloot as 'n *halfway house* op pad na die sosialisme te beskryf.

Smithies

Arthur Smithies beweer dat Schumpeter se voorspelling dat kapitalisme sal oorgaan in sosialisme tot nog toe nie deur die ervaring van Westerse lande ondersteun word nie. Volgens Smithies het hy die addisionele lewensvatbaarheid wat *welfarisation* en die groter betrokkenheid van die owerheid by die ekonomie aan kapitalisme verleen het, onderskat. Nogtans is dit volgens Smithies steeds te vroeg om Schumpeter se tesis sonder meer te verwerp: *Schumpeter believes that whatever happens in the meantime, 'the internal logic of the system will validate his prediction' ... a prediction that must be regarded as an apocalyptic vision. His greatness lies in his vision and analyses of capitalism as an evolutionary process of transformation and decline'* (Smithies, 1981:148-9).

Voorwaardes waaronder sosialisme kan werk

Die oorspronklikheid van Schumpeter se benadering tot die sosialisme

Schumpeter het nie besondere voorkeur of voorliefde vir die sosialisme gehad nie. Nogtans ag hy dit nodig om hom te vergewis of 'n sosialistiese ekonomie sal kan werk as die ondergang van die kapitalisme Westerse lande met geen ander keuse laat as om met sosialisme vir lief te neem nie.

Hy was oortuig dat die vorm van die sosialisme wat hy in die vooruitsig stel, sal kan werk indien aan drie voorwaardes voldoen kan word: eerstens moet dit geleidelik uit die volwasse (of geburokratiseerde) stadium van kapitalisme ontstaan, tweedens moet bevredigende oplossings gevind word vir verskeie oorgangsprobleme wat hy voorsien, en derdens moet 'n geskikte vorm van die demokrasie ontwikkel word.

Schumpeter het 'n belangrike onderskeid getref tussen *socialization in a state of (capitalist) maturity* en *socialization in a state of (capitalist) immaturity* (Hoofstuk XIX). 'n Sosialistiese ekonomie sal slegs lewensvatbaarheid hê as al die neigings tot sosialisering wat hy in die kapitalisme geïdentifiseer het die geleenthed gegun word om tot volle ontplooiing te kom. Indien die kapitalisme die geleenthed tot mature socialization gegun sou word, *the economic process [in capitalism]*

Aangesien Schumpeter beter as enigiemand anders die potensiaal begryp het van Skeppende Vernietiging om strukturele veranderings af te dwing, sou 'n mens kon verwag dat hy die strukturele verandering wat hy in die tussenoorlogse tydperk waargeneem het, nie as simptome van kapalistiese verval en ontbinding sou diagnoseer nie, maar dat hy dit eerder sou voorhou as strukturele veranderinge wat dui op die oorgang van één fase van kapitalisme na 'n ander fase. Dit is kompleet asof Schumpeter nie kon insien dat die proses van Skeppende Vernietiging en innovasies wat die dryfkrag van die kapalistiese enjin in *unfettered capitalism* was, in 'n enigsins ander gedaante óók die dryfkrag van die kapalistiese enjin in die fase van *fettered capitalism* kan wees nie. Net so het hy blybaar die vermoë van die kapitalisme om in sy dinamiese gang bestaande kapalisties georiënteerde instellings en magsverhoudings af te breek en nuwes te skep, onderskat of verkeerd geïnterpreteer (Fellner, 1981:63-67).

Schumpeter het nie die goue era van ongekende hoë ekonomiese groei in die derde kwart van die 20ste eeu voorsien nie. Ter versagting kan mens aanvoer dat hy nie kon voorsien dat staatsondersteunde tegnologiese vooruitgang en reusagtige owerheidsbelegging in die wapenindustrie en in die ruimtewedloop – as deel van die Koue Oorlog – 'n belangrike bydrae tot die proses van Skeppende Vernietiging en innovasies sou maak nie. Aangesien Schumpeter die proses van Skeppende Vernietiging te eng geassosieer het met die verbeeldingryke en selfs waaghalsige optrede van die kleinskaalse eienaar-entrepreneur, kon hy nie insien dat verbeeldingryke entrepreneurskap ook suksesvol deur persone in die 'burokrasie' van sowel die groot korporasies as die groot staatsdepartemente onderneem sou word nie.

Zassenhaus kom tot die gevolgtrekking dat Schumpeter se *thesis of the demise of capitalism into socialism ... is defective because its three elements – the demise of the 'entrepreneur', the demise of the 'supporting strata' and the rise of the 'intellectual' – form too narrow a basis for such a thesis and are themselves incompletely explained. The developments ... (since) the book was written seem to show ... that capitalism changes, (that it) has absorbed and digested changes in ideas and institutions ... It has changed into forms that ... were impossible to predict* (Zassenhaus, 1981:192).

Zassenhaus

tends to socialize itself ... Things and souls shape themselves for socialism automatically i.e. independently of anyone's volition and of any measures taken to that effect (219-221).

Ten spyte van die sterk tendense tot sosialisering wat hy waargeneem het, waarsku hy teen pogings om sosialisme in 'n situasie van *immature socialization* in te voer omdat die sosialisme dan tot mislukking gedoem sal wees.

Om sy onbetrokkenheid teenoor die sosialisme bo alle twyfel te stel, erken hy dat sy finale *gevolgtrekking* – oor die onvermydelikheid van die sosialisme – nie veel van dié van Marx verskil nie, maar dat sy argument van dié van Marx en die meeste ander sosialistiese skrywers verskil. Hy ag dit egter nie nodig dat iemand 'n Marxis moet wees om sy gevolgtrekking te aanvaar nie: *Prognosis does not imply anything about the 'desirability' of the course of events one predicts. If a doctor predicts that his patient will die presently, this does not mean that he desires it. One may hate socialism or at least look upon it with cool criticism, and yet foresee its advent* (61). Schumpeter het die sosialisme in eng ekonomiese terme gedefinieer en verklaar dat dit nie moontlik is om vooraf te sê hoe die 'sosialistiese beskawing' *kultureel gedetermineer* gaan word nie. Hy het wel gehoop dat dit moontlik sou wees om sosiaal-kulturele omstandighede te skep wat 'n versoening tussen (gesentraliseerde) sosialisme en demokrasie (soos hy albei definieer) moontlik kan maak.

Met die skerp onderskeid wat hy tref tussen die *ekonomiese bloudruk* van sosialisme en die *kulturele raamwerk* waarin die sosialistiese ekonomie uiteindelik 'ingebed' gaan raak, probeer hy aandui dat die crux van die debat oor ekonomiese stelsels nie 'n eng *ekonomiese* debat is nie, maar eerder te make het met die *magstryd* tussen die politiek-ekonomiese elitegroepes.

Wesenlike verskille bestaan volgens hom tussen die aard van die magstryd in *unfettered capitalism* en die magstryd wat in 'n sosialistiese stelsel gaan plaasvind. In eersgenoemde word die magstryd hoofsaaklik op die verskillende faktormarkte beslis deur die onbeplande wedywering tussen die eienaars van produksiefaktore. Politieke magsgroepering speel in hierdie magstryd slegs 'n beperkte en indirekte rol as skeidsregter. In 'n sosialistiese stelsel sal hierdie magstryd nie in faktormarkte plaasvind nie, maar in 'politieke markte'.

Die 'middele' van mag, invloed en status wat op hierdie 'politieke markte' teen mekaar uitgeruil gaan word, kan van 'n militêre, 'n religieuse en simboliese aard wees of dit kan toegang of beheer oor wetenskaplike kennis en ander (ideologiese) simbole wees. Die aard van die magstryd sal afhang van hoe die sosialisme kultureel gedetermineer gaan word. Maar op die ou end gaan die wyse waarop mag, invloed en status tussen die mededingers op die 'politieke markte' versprei gaan word, die gang en rigting van die sosialistiese ekonomie en die kulturele ingesteldheid daarvan bepaal net soos die private eienaarskap van produksiefaktore en die verspreiding van mag opveral faktormarkte in 'n ongebredelde kapitalistiese ekonomie die gang en die rigting van sowel die ekonomie as kulturele aangeleenthede bepaal.

Volgens Schumpeter sal die magstryd in die fase van geburokratiseerde kapitalisme noodwendig 'n labiele situasie skep omdat daar gelyktydig magstryde op die ekonomiese én die politieke 'markte' sal plaasvind asook 'n andersoortige magstryd om hegemonie tussen die ekonomies-beheerde private sektor en die polities-beheerde openbare sektor. Hoewel dit onseker is hoe lank die Westerse wêreld in *the halfway-house* op pad na die sosialisme sal verkeer, is daar vir hom geen twyfel nie dat die demokratiseringsproses tot gevolg sal hê dat dit die 'inter-sektorale' stryd uiteindelik net beëindig kan word – en politieke stabilititeit net herstel kan word – wanneer die private sektor na wense 'gesosialiseer' en dienstig aan die politieke sektor word.

Met behulp van die konstruksie wat hy op Schumpeter se siening van die oorgang na die sosialisme plaas, toon Zassenhaus aan dat die kulturele 'omgewing' van die sosialisme eers gedetermineer sal wees wanneer 'n nuwe en stabiele magkonstellasie sy beslag gekry het. Hiermee word dit duidelik dat Schumpeter die problematiek van alternatiewe ekonomiese stelsels in die laaste instansie geïdentifiseer het as 'n probleem oor wie watter mag kry terwille van wie en wat. Zassenhaus som die tweeledige verdienste van Schumpeter se ontleding soog volg op: *It (firstly) separates out the purely economic analytics, and it (secondly) shows by the cultural indeterminateness of socialism 'the need to discuss the political influence struggle as an indispensable part of a socialist system'* (1981:195). Met hierdie onderskeid tussen die *purely economic analytics* en die *political influence*

struggle het Schumpeter die problematiek van ekonomiese stelsels op 'n wyse geformuleer wat nie geignoreer kan word nie. Dit verteenwoordig moontlik een van sy belangrikste bydraes. Dit het die fokus op ekonomiese stelsel-aangeleentheid baie skerper gemaak.

In 'n hoofstuk wat hy in 1947 by CSD gevoeg het, het hy onomwonde verklaar dat die Stalinistiese Kommunisme onder geen omstandighede 'n voorbeeld is van die sosialisme wat hy in die vooruitsig stel nie. Daardie vorm van 'sosialisme' het nie spontaan uit 'n volwasse kapitalisme ontwikkel nie, en boonop is dit alles behalwe *demokraties want the Stalinist regime is essentially a militarist autocracy ... (that) exploits the masses in the Marxist sense*. Net so is die ekonomiese stelsel van die sogenaamde komunistiese lande van Oos-Europa niks anders nie as *Russian imperialism and (it) has ... nothing to do with socialism* (405).

Schumpeter het met sy onderskeid tussen die *ekonomiese* en *kulturele* dimensie van die sosialisme 'n oorspronklikheid aan die debat verleen wat hom distansieer van ander sosalistiese skrywers. Met hierdie benadering reduseer hy die debat oor sosialisme tot 'n *ekonomiese*, 'n *sosiaal-kulturele* en 'n *politieke* debat. Eerstens 'n debat oor die ekonomiese logika van die sosalistiese bloudruk; tweedens 'n debat oor die sosiaal-kulturele oorgang; en derdens 'n debat oor hoe 'n gesikte vorm van demokrasie gevind kan word. Al drie vra meer toelighting.

Die logika van die sosalistiese bloudruk en 'n vergelyking van bloudrukke

Schumpeter se uitdagende aanspraak dat eenvoudig aanvaar moet word dat 'n sosalistiese ekonomie in terme van die heersende standaarde van doeltreffendheid ewe – of selfs meer – doeltreffend as 'n kapitalistiese ekonomie kan wees, het 'n baie omstrede aanspraak geblyk te wees. Terselfdertyd het hy beweer dat die uiteindelike uitkoms van die debat oor die relatiewe peil van (statiese) doeltreffendheid en rasionaliteit wat die kapitalisme en die sosialisme respektiewelik kan verwesenlik, net van sekondêre belang is omdat die *oorlewing van die kapitalisme en die lewensvatbaarheid van die*

*sosialisme nie van (statiese) doeltreffendheid afhanglik is nie, maar van die *sosiaal-kulturele omgewings* waarin die kapitalisme en sosialisme ingebied is of met verloop van tyd ingebied sal word.*

Volgens Schumpeter is die teoretiese modelle wat hy en ander sosalistiese skrywers as die perfekte voorbeeld kies om rationale ekonomiese gedrag en (statiese) ekonomiese doeltreffendheid te beskryf, dieselfde as dié wat deur die neoklassieke ekonome gebruik word om rasionele gedrag en (statiese) doeltreffendheid vir die kapitalisme op te eis.

Schumpeter som sy siening van sy sosalistiese bloudruk soos volg op:

There is nothing wrong with the pure logic of socialism ... (it) is possible to derive from its data and from the rules of rational behavior, uniquely determined decisions as to what and how to produce [Those data and rules] yield under the circumstances of a socialist economy – equations which are independent, compatible – i.e. free of contradiction – and sufficient to determine uniquely the unknowns of the problems before the Central Board or Ministry of production [of a socialist economy] (172).

Dit word vandag allerweë erken dat die aanspraak as sou 'n markgeoriënteerde ekonomiese stelsel 'n doeltreffende allokasie van skaars bronne kan bewerkstellig, alleen geldig kan wees as die markekonomie *volledig* is, (d.w.s. as daar 'n 'mark' vir elke denkbare produk bestaan) en as volledige informasie oor relatiewe pryse in al die markte tot die beskikking van die markdeelnemers is. Danksy die werk wat veral Kenneth Arrow oor die rol van toekomsmarkte en oor markmislukkings gedoen het, erken teoretiese ekonome deesdae dat die idee van 'n 'algemene ewewig' en 'n werklike doeltreffende toedeling van skaars bronne – om ook toedelings- of verbruikersdoeltreffendheid te verwesenlik – 'n uiters abstrakte idee is *wat nie in 'n werklike ekonomiese stelsel* (en allermis die 'onvolmaak' kapitalistiese werklikheid) *bereik kan word nie*.

Net soos 'n markekonomie nie 'volledig' kan wees nie omdat daar nie 'n mark vir elke denkbare produk bestaan nie, net so kan daar waarskynlik ook nie vir 'n sosalistiese 'planeconomie' 'n *volledige* stel van vergelykings opgestel word om 'doeltreffende' en 'unieke'

antwoorde te vind vir al die probleme waarmee die sosialistiese beplanners te make sal kry nie. Mens kan dus die veralgemening maak dat die perfekte voorbeeld van rasionele gedrag en doeltreffendheid wat bereik word in die *Algemene Ewig* van die Walrasiaanse model, nie in 'n kapitalistiese stelsel én ook nie in 'n sosialistiese stelsel bereik kan word nie en dat dit in geeneen van die stelsels eens by benadering bereik kan word nie.

Dit wil egter nie sê dat die strewe na 'n hoë peil van (statiese) doeltreffendheid onbelangrik is en dat die relatiewe peil van doeltreffendheid wat deur die kapitalisme en die sosialisme respektiewelik behaal kan word, van sekondêre belang is nie. Selfs al sou 'n mens Schumpeter sy argument toegee dat die peil van doeltreffendheid wat deur *big business capitalism in fitters* bereik word, baie ver afwyk van die peil van (statiese) doeltreffendheid wat in die modelwêrelde van volmaakte mededinging bereik word – veral vanweë onvolledige markte, consumerism, negatiewe eksternaliteite, ensovoorts – regverdig dit nog geensins 'n onverskillige houding teenoor (statiese) doeltreffendheid, soos wat in die Sowjet-Unie gebeur het, nie.

Wanneer Schumpeter sy 'sterk saak' vir die groter doeltreffendheid van die sosialisme bespreek, verwys hy telkemale na die 'vermorsing' wat noodwendig aan *big-business capitalism in fitters* verbonde gaan wees. Voorbeeld van sodanige 'vermorsing' is die groeiende netwerk van regulasies, die groei van die openbare sektor, die swaarder belastingglas, die *wasteful friction* tussen die private en openbare sektore wat uiteindelik sal ontwikkel tot *wars of conquest waged upon the bourgeois domain [or the private sector] by the men in the public sphere* (197).

Wanneer Schumpeter sy argument probeer verdedig dat daar niks verkeerds met die suiwer logika van die sosialisme is nie, vergelyk hy die sosialistiese bloudruk nie net op *teoretiese vlak* met die model (of bloudruk) van volmaakte mededinging nie, maar hy vergelyk dit hoofsaaklik met die ondoeltreffendheid wat kenmerkend sal wees van *big-business capitalism in fitters* in die finale of burokratiese fase van kapitalisme. Die vrymoedigheid om die sosialistiese 'model' met 'n (toekomstige) kapitalistiese 'werklikheid' te vergelyk, ontleed hy klaarblyklik uit die neoklassieke skool se propagandatruuk waarvol-

gens verdienstes vir *competitive or plausible capitalism* opgeëis word wat streng gesproke nie vir hierdie 'historiese' stelsel nie, maar slegs vir die modelwêrelde van volmaakte mededinging opgeëis kan word. Net soos die neoklassieke ekonome volhou om ideologiese propaganda vir vryemarkkapitalisme te maak deur verdienstes op te eis wat net vir die modelwêrelde van 'n volmaakte mark opgeëis kan word, net so het Schumpeter ideologiese propaganda vir die sosialisme probeer maak deur aan te toon hoe ondoeltreffend *big-business capitalism in fitters* gaan wees, indien 'n mens dit met die (beweerde) logika (en doeltreffendheid) van 'n sosialistiese model vergelyk. Die gebruik wat Schumpeter van hierdie metodologiese truuk gemaak het, was besonder vindingryk maar is waarskynlik ewe ongeoorloof as die soortgelyke truuk van die neoklassieke skool.

Schumpeter se vernaamste beswaar teen die *bourgeois society is that it is not geared to social service ... but to moneymaking, that it aims at maximizing profit instead of welfare* (74). Net so is dit nie geoorloof om die indruk te wek that *hunting for a maximum of profit* noodwendig (of in die meeste gevalle) sal lei tot die gewenste *maximum economic performance* nie (190).

Ter stawing van hierdie aanspraak voer hy vier (weliswaar erg omtrede) argumente aan. Eerstens beweer hy dat 'n oortuigde sosialis will derive satisfaction from the mere fact of living in a socialist economy ... (because) moral allegiance is by no means indifferent ... for the working of the system. Tweedens beweer hy dat 'n hoër graad van gelykheid met dieselfde graad van doeltreffendheid in 'n sosialistiese stelsel haalbaar is and hence equalitarian system (of socialism) will run at a higher level of welfare ... [than] its commercial counterpart (190-191).

Die derde argument is dat die *leisure class or the idle rich* in sosialisme uitgeskakel sal word. Aangesien die kulturele funksie van hierdie groep uit 'n sosialistiese oogpunt op zero geëvalueer en daarom geignoreer kan word, there is obviously a net gain to be made by (the elimination of the leisure class) (188-193). Vierdens sal die vernietigende mededinging tussen grootskaalse ondernemings in die private sektor uitgeskakel wees.

human nature

Die propagandistiese aard van hierdie argumente spreek vir sigself. Wat egter nie geringgeskat moet word nie, is Schumpeter se pleidooi dat daar wegbeweeg moet word van die *bourgeois scheme of values*, van die eng ekonomiese definisie van waardes, van die nadele wat aan blote *money making* en die najaag van maksimum profyte verbonde is. Sy vrees dat hierdie soort waarde-oriëntasie al hoe sterker sal word in *big-business capitalism in fitters* was waarskynlik nie ongegrond nie, veral vanweë die groter invloed wat *consumerism* vandag het in vergelyking met 50 jaar gelede. Dit is teen hierdie agtergrond wat sy aanspraak op die groter voortreflikheid van sosialisme – veral uit 'n welvaartsoogpunt – beoordeel moet word. Die minagting wat hy teenoor die *bourgeois scheme of values* gekoester het, verklaar die erns waarmee hy hom tog (in veral sy laaste artikel) vir 'n oorgang van 'n kapitalistiese na 'n sosialistiese *scheme of values* beywer het (Schumpeter, 1950).

Die probleme verbonde aan die oorgang van 'n kapitalistiese na 'n sosialistiese 'scheme of values'

Schumpeter het beweer dat die oorgang van 'volwasse' kapitalisme na sosialisme hoofsaaklik 'n sosiaal-kulturele aangeleentheid is waardeur die kapitalistiese of *bourgeois* waardeskema vervang sal word deur 'n sosialistiese waardeskema. Die vraag wat besonder relevant is wanneer so 'n verandering in waardeskemas moet plaasvind, is of dit kan gebeur sonder dat die menslike natuur 'n fundamentele verandering hoef te ondergaan. Indien so 'n fundamentele mensverandering 'n voorvereiste vir sosialisme is, loop sosialiste die gevær dat hulle hul met 'n utopiese mensbeeld bedien.

Schumpeter het volgehoud dat die sosialisme wat hy in die vooruitsig stel, nie 'n fundamentele verandering in die wese van die mens vereis of 'n sodanige verandering tot gevolg sal hê nie. Hy betreur die geneigdheid van sommige sosialiste wat probeer voorgee dat as die wrede en uitbuitende stelsel van kapitalisme net deur sosialisme vervang kan word, 'n fundamentele verandering in die mens sal intree wat die mens tot 'n hoër etiese vlak sal voer en boonop *human nature in all its beauty* na vore sal laat tree (202).

Terwyl Schumpeter 'n fundamentele verandering van die menslike natuur as onmoontlik en onnoddig afwys, erken hy dat die oorgang na sosialisme tog gaan vereis dat die *fundamental pattern underlying human nature* deur veranderinge in die sosiale omgewing opnuut gekondisioneer kan word. Hy was optimisties dat dit nie te moeilik sal wees om die gewenste herkondisionering deur 'n verandering in die sosiale omgewing te bewerkstellig nie. Só 'n herkondisionering het plaasgevind met die oorgang van die feodalisme na die kapitalisme. Hy het wel probleme voorsien *to insert the stock of bourgeois extraction into its proper place within the (socialist) machine and to reshape its habits of work* (207).

Dit sal volgens hom onrealisties wees om in 'n sosialistiese stelsel uitsluitlik staat te maak op die suiwer altruïstiese pligsbesef van mense. Maar dit sal ewe onrealisties wees om nie 'n aanspraak op mense se altruïsme te maak nie of om die moontlikhede daarvan te onderskat (207-208).

Hy beskou die uitskakeling van die motief van wins en verlies in 'n sosialistiese stelsel nie van besondere belang nie. Die verantwoordelikhed *to pay for one's own mistakes with one's own money is passing anyhow*, terwyl die soort van verantwoordelikhede wat mense in groot korporasies het, in elk geval maklik in 'n sosialistiese stelsel gereproduseer kan word (206). Hy was ook optimisties dat die sterk drang wat sommige mense na prestige het, maklik bevredig kan word deur die nodige herkondisionering.³

Schumpeter het voorsien dat die organisatoriese struktuur van 'n sosialistiese stelsel *a huge and all-embracing bureaucratic apparatus* sal verg. Indien mense net kan besef hoe ver die proses van burokratisering van die ekonomiese lewe en van die lewe oor die algemeen reeds in kapitalistiese lande ontwikkel het (en nog gaan ontwikkel), sal dit oorbodig wees om die sosialistiese burokrasie te vrees. Aangesien so baie werknemers reeds werk in 'n burokrasie van óf die openbare óf die private sektor, sal dit maklik wees om hulle by 'n sosialistiese burokrasie in te skakel. Terwyl 'n groot burokrasie reeds 'n onontbeerlike bestanddeel van moderne ekonomiese ontwikkeling uitmaak, *a bureaucracy will be more than ever essential in a socialist economy* (206). Aangesien die opkoms van verteenwoordigende demokrasie in elk geval 'n groot behoefté aan 'n goed ontwikkelde

burokrasie het, sal die groter burokratisering wat die sosialisme gaan meebring, ook niestrydig met die demokrasie wees nie. Dit ly egter geen twyfel nie dat Schumpeter die aard en omvang van die organisatoriese probleem van 'n sosialistiese ekonomie heeltemal onderskat het.

Schumpeter het verskeie argumente aangevoer waarom dit in 'n sosialistiese ekonomie nie te moeilik behoort te wees om dissipline te handhaaf en om die nodige motivering te bewerkstellig nie. Hierdie argumente het egter 'n holle klank ná die ineenstorting van die Sowjet-Unie se *commandism* en nadat die ernstige motiveringsprobleme wat daardie stelsel ondervind het, volledig blootgelê is. Maar ter wille van perspektief moet in gedagte gehou word dat een van die belangrikste besware wat Schumpeter teen die kapitalisme geopper het, juis te make het met die steeds groter aksent wat deur hierdie stelsel op die *bourgeois scheme of values* geplaas word om arbeid na wense te mobiliseer sodat die wiele van die kapitalisme aan die draai kan bly. Hy het sterk bedenkings geopper teen die *civilization of capitalism* wat op dié manier ingeburger word. Hy het sy afkeer teen die kapitalistiese beskawing sarkasties soos volg gestel:

In our discussion of the socialist alternative, one may care less for the efficiency of the capitalist process in producing economic and cultural values than for the kind of human beings that it turns out and then leaves to their own devices, free to make a mess of their lives (129).

Die kern van die problematiek rondom ekonomiese stelsels, het volgens Schumpeter dus nie soseer met die doeltreffende aanwending en toedeling van skaars bronne nie, maar eerder met die wyse waarop arbeid vir ekonomiese deelname gemotiveer word, met die kulturele implikasies van hierdie motiveringsmetodes en met die magstryd tussen die elitegroep te make. Schumpeter was optimisties dat 'n demokratiese politieke stelsel 'n oplossing vir sowel die kulturele as die magsprobleme van 'n sosialistiese ekonomie sou bied.

Schumpeter se teorie van demokrasie ter wille van sosialisme

Demokrasie as 'kompetenterende elitisme'

Schumpeter se siening van die demokrasie het hom waarskynlik groter roem besorg as sy sieninge van die kapitalisme en die sosialisme. Sy invloed op die moderne siening van die demokrasie kan nie maklik oorbeklemtoon word nie.

Sy hoof tema rondom die demokrasie was dat die kapitalisme in die 18de en 19de eeu bevorderlik was vir die opkoms van 'n bepaalde soort demokrasie – wat in terme van die 'klassieke teorie van demokrasie' gekonseptualiseer is – maar dat die interne dinamiek van die kapitalisme in veral die 20ste eeu sosiale en kulturele omstandighede geskep het waarin die 'volwasse' kapitalisme en die 'klassieke' demokrasie al hoe meer in botsing met mekaar gekom het. Hy het geglo dat die demokrasie, soos gekonseptualiseer in terme van die klassieke teorie, nie geskik sal wees vir die soort politieke kontrole wat die sosialisme gaan vereis nie. Gevolglik het hy die 'klassieke teorie van demokrasie' verwerp en 'n eie teorie van demokrasie geformuleer wat sal verseker dat die demokratiese sosialisme sal slaag.

Schumpeter beskryf die 'klassieke teorie van demokrasie' as daardie teorie wat demokrasie beskou as *(an) institutional arrangement for arriving at political decisions which realizes the common good by making the people itself decide issues through election of individuals to carry out its (i.e. the people's) will* (250). Hy het sy eie teorie van demokrasie en sy teenkanting teen die klassieke teorie soos volg beskryf:

The democratic method is that institutional arrangement for arriving at political decisions in which individuals acquire the power to decide by means of a competitive struggle for the people's vote. ... This may be expressed by saying that democracy is the rule of the politicians. ... Democracy is a method ... for arriving at political decisions and hence incapable of being an end in itself (269, 284-5 en 242).

Schumpeter het hom doelbewus daarop ingestel om 'n definisie van demokrasie te gee wat nie alleen enger nie, maar ook baie minder ambisieus sou wees as die klassieke teorie. Volgens hom het die 18de eeuse politieke filosowe 'n illusionêre teorie van die demokrasie

geformuleer en in terme daarvan twee eienskappe vir die demokrasie opgeëis wat volgens hom nie haalbaar (of nie meer haalbaar) is nie en ook oorbodig (selfs gevaaerlik) sal wees vir daardie soort demokrasie wat die sosialisme nodig sal hê. Hierdie twee onhaalbare en oorbodige eienskappe van die klassieke demokrasie is eerstens die aanspraak dat demokrasie 'n metode is waardeur aan die mense (of die kiesers) geleentheid én die soewereiniteit gegee word om *direk* te regeer (*rule by the people*) en tweedens dat demokrasie 'n doel op sigself is omdat dit die Gemeenskaplike Goeie (*Common Good*) definieer en aan 'n verkose regering as 't ware opdrag gee om die Gemeenskaplike Goeie na te streef.

Schumpeter het met sy alternatiewe teorie die prioriteite van die klassieke teorie omgedraai. In plaas van die demokrasie te beskou as primêr 'n metode waarvolgens kiesers besluit oor omstrede aangeleenthede en slegs sekondêr 'n metode is om politieke verteenwoordigers te kies, beweer hy dat demokrasie niks anders kan wees nie as 'n metode om politici met die nodige gesag te beklee.

Schumpeter het sy teorie van demokrasie as 'n teorie van 'kompetenteerde elitisme' en as *leadership democracy* beskryf. Die sentrale rol wat hy aan politieke leierskap verleen, herinner sterk aan die geïdealiseerde voorstelling wat hy gemaak het van die leiersrol wat entrepreneurs in die tydperk van ongebredelde kapitalisme gespeel het.

Kompetenteerde elitisme as 'n demokratiese metode wat sosialisme kan laat slaag

Schumpeter het die geneigdheid van sommige sosialiste verwerp om die demokrasie as 't ware vir die sosialisme te probeer annekseer: *These socialists not only claim compatibility, they (also) claim that democracy implies socialism and that there cannot be true democracy except in socialism* (214).

Met behulp van sy eie teorie van die demokrasie, handhaaf hy 'n ruimer siening oor die verhouding tussen demokrasie en sosialisme: *Between socialism as we defined it and democracy as we defined it there is no*

necessary relationship: the one can exist without the other. At the same time there is no incompatibility: in appropriate states of social environment the socialist engine can be run on democratic principles (284).

Hy het selfs vir die moontlikheid voorsiening gemaak dat leierskapdemokrasie met sowel kapitalisme as sosialisme versoenbaar kan blyk te wees, solank die invloedsfeer van die demokrasie nie te veel deur die ekonomiese magskonsentrasies van die kapitalisme ingeperk word nie én solank die politieke invloedsfeer van die demokrasie nie te veel uitgerek word in die sosialisme nie.

Hy was adamant dat geburokratiseerde kapitalisme onversoenbaar met demokrasie sal wees. Enersyds kan die bourgeoisie nie gesikte politieke leiers oplewer nie en andersyds sal die wyse waarop ekonomiese mag in kapitalisme gekorporatiseer, geburokratiseer en gesentraliseer gaan raak, die invloedsfeer van die politiek te veel *inperk*. Die magsverhoudings in volwasse kapitalisme sal egter van so 'n aard wees dat dit 'n groot deel van die gemeenskap se aktiwiteite, wat periodiek aan demokratiese skrutinering blootgestel behoort te word, teen hierdie invloed verskans sal wees. Net so sal daar in volwasse kapitalisme ook nie 'n metode bestaan om die groot kartelle en monopolistiese ondernemings gereeld tot demokratiese verantwoording te dissiplineer nie. Dit is uit 'n demokratiese en 'n sosialistiese oogpunt vir hom onaanvaarbaar dat 'n groot deel van die volkshuishouding buite die bereik van politieke en/of demokratiese skrutinering en verantwoording geleë kan wees.

Schumpeter was realisties genoeg om te besef dat in die geval van sosialisme die teenoorgestelde gevaar kan ontstaan en dat die invloedsfeer van die politiek – hetsy dit demokraties is al dan nie – geneig kan wees om te ver te strek. Die mag wat in 'n sosialistiese bestel in die politieke leierskorps se hande saamgetrek sal wees, sal so groot wees dat hulle in die versoekking sal verkeer om die ekonomiese terrein aan slaafse onderdanigheid te onderwerp. Só 'n stand van sake sal eweseer onaanvaarbaar wees. Schumpeter waarsku dat die gevare wat 'n oordrewe 'demokratisering' vir die sosialisme inhou, veel groter sal wees indien die demokrasie inderdaad 'n politieke stelsel is waardeur direkte deelname aan die breë kiesers verleen word, soos die klassieke teorie beweer, en indien die demokrasie inderdaad 'n werktuig is om die Gemeenskaplike Goeie te realiseer. Hy verwerp

egter hierdie voorstelling van die demokrasie as 'n illusionêre voorstelling waarvoor geen empiriese bewyse aangevoer kan word nie.

Indien die demokrasie bloot 'n metode is om die politieke elite met behulp van 'n periodieke leierskapstryd te kies en met die nodige gesag te beklee, sal dit volgens hom nie te moeilik wees nie om die terrein van die politici en dié van die tegnies-administratiewe operateurs (wat die ekonomiese enjin van 'n sosialistiese ekonomie moet bestuur), duidelik van mekaar af te grens om só die ekonomiese terrein teen oormatige demokratiese inmenging te beskerm.

Schumpeter was hoopvol dat 'n 'formule' gevind sal word om die politici se rol te beperk tot breete beleidsaangeleenthede, tot wetgewing en tot die daarstelling van die 'infrastruktuur van die staat' en die burgerlike gemeenskap. Hier teenoor sal die bestuur van die sosialistiese ekonomie 'n uitgebreide burokrasie vereis wat oor die 'autoriteit' moet beskik om self inisiatief oor tegniese en administratiewe aangeleenthede te kan neem. Die politici se taak ten opsigte van die ekonomie moet beperk word tot toesighouding en tot rigtinggewende aangeleenthede.

Schumpeter het blybaar intuïtief gevrees dat die afgrensing van die terrein van die politiek en die ekonomie in 'n sosialistiese stelsel problematies kan wees. Hoewel hy dit nie openlik erken het nie, het hy blybaar besef dat sy 'formule' om die politieke en ekonomiese terreine van mekaar af te grens, onoortuigend is. Daarom was dit vir hom belangrik om aan te toon dat die klassieke teorie te ambisieus is en dat die kiesers in ooreenstemming daarvan te hoe eise aan verkose leiers stel.

Kritiek op die klassieke teorie van die demokrasie en addisionele voorwaardes om 'leierskapdemokrasie' suksesvol te maak

Schumpeter het in sy kritiek op die klassieke teorie toegegee dat die omstandighede in die 18de en 19de eeu, toe liberaalgeoriënteerde filosowe die klassieke teorie geformuleer het, van so 'n aard was dat daar moontlik meriete was in die idee dat die kiesers direk besluite oor omstrede aangeleenthede kan neem en aan die politieke leiers opdrag kan gee om hulle wil uit te voer.

Die omstandighede van die 20ste eeu verskil in twee opsigte van dié van die 18de eeu. Enersyds het die proses van industrialisasie en verstedeliking tot die ontstaan van burokratiese reuse in sowel die private as die openbare sektor gelei en het die aangeleenthede wat in die politiek ter sprake kom, baie meer gekompliseerd geraak. Andersyds bestaan daar tans universele stemreg. Dit is volgens Schumpeter misleidend en gevaaerlik om te dink dat al die mense wat nou stemreg het, oor die vermoë beskik om 'n rasionele mening oor al die omstrede aangeleenthede te kan vorm en om 'n rasionele gesprek oor die inhoud van die Gemeenskaplike Goeie te kan voer. Boonop is dit onrealisties om te verwag dat alle kiesers die verantwoordelikheid het om die eise wat hulle aan 'n regering stel, so in te perk dat dit nie die vermoë van die ekonomie sal oorspan nie. In die moderne samelewing met sy hoe peil van ekonomiese differensiasie en kulturele pluraliteit bestaan noodwendig groot meningsverskille oor beginsel- en beleidsvraagstukke. Hierdie verskille is te groot om bygelê te word deur 'n beroep te doen on the all-embracing general will (251).

Sy vernaamste kritiek teen die klassieke teorie van demokrasie was dat die breete kieserskorps se vermoë tot waarneming, tot interpretasie en tot die vorming van rasionele opinies so gebrekkig is – en so vatbaar is vir allerhande vorme van beïnvloeding en manipulasie – dat dit nie alleen ongeoorloof is nie, maar ook gevaaerlik is om van die *popular will of the will of the people of the voters' will* te praat. Hy beroep hom op die sogenaamde *psychology of crowds* wat volgens hom daarop dui dat individue under the influence of agglomeration and ... in a state of excitement skielik ontneem word of moral restraints and civilized modes of thinking and feeling en dat dit maklik aanleiding gee tot the sudden eruption of primitive impulses, infantilisms and criminal propensities. Dit is nie nodig dat mense in 'n skare moet vergader voordat hulle hulle gedra op 'n wyse wat die mensbeskouing loënstraf waarop die klassieke teorie gebaseer is nie. Met behulp van die moderne tegnieke van die reklamewese (it is) terribly easy to work up ... newspaper readers, radio audiences and members of (political) parties – even if not physically gathered together – into a psychological crowd and into a state of frenzy in which an attempt at rational argument only spurs the animal spirits (257).

Politici are (therefore) able to fashion ... (and) even to create the will of the people. Die vermeende Algemene Wil van die bevolking is gevvolglik largely not a genuine but a manufactured will (263).

Bewus van al die gevare wat aan 'kompeterende elitisme' verbonde kan wees, maar nogtans besiel met 'n ywer om 'n demokratiese metode te vind wat van die sosialisme 'n sukses sal maak, het Schumpeter 'n reeks addisionele voorwaardes neergelê waaraan die demokrasie moet voldoen om te verseker dat dit 'n geskikte werktuig vir die sosialisme sal wees.

As eerste addisionele voorwaarde vir die sukses van (demokraties verkose) leiers, stel Schumpeter that the human material of political (leaders) should be of sufficiently high quality (291).

'n Tweede voorwaarde is dat the effective range of political decision should not be extended too far (291). Die politici moet hulle dus daarvan weerhou om hulle te bemoei met enigiets beyond (what) is implied in the government's role of general supervisor (291-293).

'n Derde voorwaarde is dat die politici voorsien moet wees van the services of a well-trained bureaucracy of good standing and tradition, endowed with a strong sense of duty and a no less strong esprit de corps. 'n Goeie burokrasie moet ook oor genoeg onafhanklikheid en power in its own right beskik om die politici wat die hoofde is van ministeries te adviseer en om te voorkom dat die invloedsfeer van die politiek te veel uitgerek word (293).

'n Vierde voorwaarde is dat almal wat hulle met die politiek besig hou, kiesers én parlementariërs, 'n hoë peil van 'demokratiese selfkontrole' aan die dag moet lê. Dit beteken dat alle deelnemers must be on an intellectual and moral level high enough to be proof against the offerings of the crook and the crank (294).

'n Finale vereiste is a large measure of tolerance for difference of opinion. Die peil van verdraagsaamheid moet so hoog wees dat politici nooit aan seksionele belang voorrang bo die algemene belang sal gee nie (295-296).

'n Evaluasie van Schumpeter se demokratiese teorie

Schumpeter se teorie van die demokrasie en sy kritiek op die klassieke teorie is 'n eienaardige mengsel van oorspronklike insigte en van opvallende teenstrydighede en irrasionele vooroordele. Hierdie eienaardige mengsel moet waarskynlik toegeskryf word aan sy byna obsesionele ywer om 'n oorspronklike teorie van die demokrasie te formuleer wat die sukses van die sosialisme sal verseker. Dit is asof Schumpeter intuïtief besef het dat sy beskrywing van die werkwyse van die sosialistiese ekonomiese ontwikkeling is en dat hy gehoop het dat sy kompeterende elitisme vir die gebreke van sy ekonomiese teorie sal kompenseer.

Dit is van besondere belang dat Schumpeter die boekdeel oor *Socialism and democracy* afsluit met ernstige voorbehoude en waarskuwings oor die lewensvatbaarheid van die demokrasie:

It goes without saying that operating socialist democracy ... would be a perfectly hopeless task ... (without) the ability to establish the socialist order in a democratic way. The task of keeping the democratic course may prove to be extremely delicate (301-302).

Hy was bekommern dat die verkose elite dit uiteindelik tog nie sal regkry om die demokrasie op koers te hou nie, omdat hulle sal swig voor die versoeking van die tremendous power over the people inherent in socialist organisation. Ingeval die elite nie hierdie versoeking kan weerstaan nie, socialist democracy may eventually turn out to be more of a sham than capitalist democracy ever was (302).

Die lewensvatbaarheid van die sosialisme sal dus nie soseer afhang van die sosialisme as ekonomiese stelsel nie, maar deur die sukses van die demokrasie bepaal word. Met hierdie standpunt kom Schumpeter tot 'n gevolgtrekking wat tegelyk van groot pessimisme en merkwaardige realisme getuig. Dit is gevolgtrekkings soos hierdie wat volgens Zassenhaus van CSD a colossal tour de force maak en wat dit vir mens moontlik maak to find the realistic eclecticism in many of the detail (of CSD) a merciful virtue (1981:171).

Dit is voorwaar ironies dat die teorie van demokrasie wat Schumpeter as 't ware ontwerp het om komplementêr tot sosialisme te wees, 'n besonder geriflike werktuig geblyk het om sommige van die

uitstaande kenmerke van die moderne demokrasie, soos dit ontplooい het in die korporatiewe kapitalisme van Westerse lande in die tweede helfte van die 20ste eeu, te beskryf en empiries te kontroleer. Die mededingende stryd wat in moderne demokrasieë afspeel, is egter nie 'n stryd tussen individuele politieke 'entrepreneurs' soos Schumpeter in die vooruitsig gestel het nie, maar 'n stryd tussen groot geburokratiseerde politieke partye wat deel uitmaak van 'n netwerk van pluralistiese magsgroepe wat almal in 'n meerdere of mindere mate geburokratiseerde reuse is.

Die rol wat Schumpeter se 'kompetenterende elitisme' in die wêreldwye verspreiding van demokrasie gespeel het as metode om die verkose regering met die nodige legitimiteit te beklee, kan waarskynlik nie maklik oorbeklemtoon word nie. Ongelukkig bestaan daar rede om te vermoed dat die addisionele voorwaardes wat Schumpeter gestel het om van 'kompetenterende elitisme' 'n suksesvolle metode te maak, nie alleen buite rekening gelaat is toe universele stemreg in die ontwikkelende wêreld aanvaar is nie, maar ook verontagsaam is toe universele stemreg in die geïndustrialiseerde lande aanvaar is. Dit sou dus onjuis wees om te beweer dat die moderne demokrasie in ontwikkelde én onontwikkelde lande *volledig* op Schumpeter se idee van mededingende elitisme gebaseer is. Die wanrouwe wat Schumpeter gekoester het oor die soort politieke leiers wat die bourgeoisie sou oplewer, was blykbaar geoorloof.

David Held opper skerp kritiek op Schumpeter se verwerving van die 'klassieke teorie van die demokrasie' asook teen die verdienstes wat Schumpeter vir sy empiries gebaseerde 'realistiese' teorie opgeëis het. Volgens Held is dit *a category mistake* om slegs van 'n klassieke teorie van die demokrasie te praat terwyl verskeie klassieke teorieë geformuleer is. Boonop is dit ongeoorloof om 'n teorie as 'onrealisties' te verwerp bloot omdat dit sekere normatiewe ideale vir die demokrasie – soos politieke gelykheid en gelyke partisipasie – as ideale in die vooruitsig stel. Deur die streng voorwaardes wat Schumpeter vir die sukses van demokrasie gestel het, het hy eweneens 'normatiewe ideale' in die vooruitsig gestel wat so utopies is dat hulle nooit verwesenlik sal kan word nie.

Die vernaamste beswaar wat teen Schumpeter se kritiek op die klassieke teorie geopper moet word, is dat hy hom met 'n buitengewoon pessimistiese mensbeskouing bedien om die onbruikbaarheid van die klassieke teorie te probeer bewys. Met die klem wat hy plaas op die mate waarin die populêre wil 'gefabriseer' word en op die kwesbaarheid van die kieserskorps vir *extra-rational forces*, het hy volgens Held in effek individue se vermoë om as kiesers aan die leierstryd deel te neem, ernstig in die gedrang gebring. Indien mens egter rekening hou met die 'ontwikkeling' wat die reklamewese en die massamedia oor die afgelope 50 jaar gemaak het en op die belangrike rol wat *consumerism* tans speel om die wiele van die kapitalisme aan die draai te hou, dan was Schumpeter se vrees oor die vermoë van politieke leiers en groot politieke partye om die populêre wil te 'fabriseer', beslis nie misplaas nie. Maar die vermoë van politieke partye en charismatiese leiers om met die massamedia die voorkeure van die kiesers te manipuleer, is 'n aangeleentheid wat nie net die meriete van die demokrasie soos dit in terme van die klassieke teorie gekonseptualiseer word, onder verdenking plaas nie, maar 'n aangeleentheid wat eweseer die meriete van 'kompetenterende elitisme' in die gedrang bring.

Die pessimistiese mensbeskouing wat Schumpeter van die breë kieserspubliek gehad het, staan in teenstelling met die byna boemenslike eienskappe wat hy vir sowel die politieke as die burokratiese elite opeis om die nodige rigting aan die demokratiese politiek en die nodige bestuursdoeltreffendheid aan die sosialistiese ekonomie te verleen. Die hoë eise wat hy aan sowel 'demokratiese leierskap' en 'sosialistiese bestuurders' stel, is so buitensporig dat hy hom uiteindelik skuldig maak aan daardie soort 'utopiese ontvlugting' waaraan byna alle sosialiste, Marx inkluis, hulle skuldig gemaak het.

Indien die sogenaamde klassieke teorie van die demokrasie nie so onrealisties is soos Schumpeter beweer het nie en as die aansprake wat dit oor die soewereiniteit van die kiesers en die definiering van die Gemeenskaplike Goeie gemaak het, nie so illusionêr is soos Schumpeter beweer het nie, hou dit nogal verrekende implikasies vir die lewensvatbaarheid van Schumpeter se demokratiese sosialisme in. Indien die demokratiese metode tog meer impliseer as blote 'kompetenterende elitisme', dan sal die afgrensing tussen die politieke en

ekonomiese terreine van demokratiese sosialisme nie so maklik kan gebeur soos Schumpeter gehoop het nie. Dan sal die politieke elite nie die versoeking verbonde aan die *tremendous power ... inherent in socialist organization* na wense kan weerstaan nie, en dan word dit soveel waarskynliker – soos Schumpeter gevrees het – dat die sosiale demokrasie inderdaad 'n groter bedrogspul as die demokratiese kapitalisme kan wees.

Die huidige relevansie van Schumpeter

Die Sowjetstelsel en 'actual existing socialism'

Een van die groot verdienstes van Schumpeter se CSD is dat hy op 'n oorspronklike en indringende wyse aangetoon het dat in die dinamiese wêreld van die 20ste eeu, die kapitalisme, die sosialisme en die demokrasie geeneen 'n *panacea* bied nie. Wanneer CSD met 'n oop gemoed gelees word, kan dit nie anders as om die leser te oortuig dat die terrein van ekonomiese en politieke stelsels 'n terrein is wat hom nie leen tot 'n dogmatiese houding of ideologiese selfversekerdheid oor die onbetwiste verdienstes van die kapitalisme nie. Wanneer die ekonomiese stelselprobleem – soos Schumpeter voorstel – nie in eng ekonomiese terme nie, maar as onderdeel van die breë kultuurhistoriese problematiek benader word, betree 'n mens die terrein wat weinig ruimte laat vir 'n finale keuse ten gunste van die kapitalisme en teen alle ander moontlike stelsels.

Ná die val van die Berlynse Muur en die beëindiging van die Koue Oorlog, besef mens hoe skerp die ideologiese polarisering tussen die sogenaamde Vrye Wêreld en die Kommunistiese Oosbloklande was. Aangesien die ideologiese polarisering met 'n skerp militêre antagonisme en 'n meedoënlose propaganda-aanslag gepaard gegaan het, het die tyd van die Koue Oorlog kwalik geleentheid gebied vir 'n kritiese besinning oor die meriete van alternatiewe ekonomiese stelsels. Gesien uit die oogpunt van die Westerse waardes was die diktatuur van die Kommunistiese Party sowel as die dwingelandy en die groot gebrek aan doeltreffendheid van die Sowjet-Unie se 'Commandism' totaal onaanvaarbaar vir die oorgrote meerderheid in Westerse lande. In soverre 'n onderlinge vergelyking tussen die diktoriale *Commandism* van die Oosbloklande en die demokratiese kapitalisme

van die sogenaamde Vrye Wêreld wel moontlik was in die propagandistiese atmosfeer van die Koue Oorlog, kon die keuse kwalik anders as ten gunste van demokrasie en kapitalisme wees.

In die 40 jaar van die Koue Oorlog is die stelsel van demokratiese kapitalisme wat in die geïndustrialiseerde Weste en Japan bestaan het, as 't ware deur 'n soort ideologiese 'kokon' beskerm. Dit het beteken dat hierdie stelsel nie aan dieselfde soort *kritiese ontleding* blootgestel was nie as wat sou gebeur het as die Koue Oorlog en die ideologiese en propagandistiese polarisasie tussen die sogenaamde Vrye Wêreld en die Oosbloklande nie bestaan het nie. Met die beëindiging van die Koue Oorlog en die implosie van die Sowjet-stelsel, het die ideologiese 'kokon' wat die stelsels van die Vrye Wêreld beskerm het, oorbodig geword en as 't ware verdwyn.

Die onkritiese triomfantisme wat onmiddellik ná die einde van die Koue Oorlog in neoliberal en neokonservatiewe kringe opgevlam het, is 'n verstaanbare propagandistiese verlengstuk van die ideologiese propaganda wat so lank en so fel voortgewoed het as part en deel van die Koue Oorlog. Maar sodra hierdie soort onkritiese triomfantisme plek gemaak het vir 'n *kritiese* besinning oor die verdienste en swakhede van die politieke en ekonomiese stelsel van die sogenaamde Vrye Wêreld, het 'n mens rede om te verwag dat die 'stelseldebat' 'n ander karakter sal aanneem as toe die demokratiese kapitalisme die beskerming van 'n ideologiese 'kokon' geniet het. Teen hierdie agtergrond kan mens oor die huidige – of die hernieuide – relevansie van Schumpeter se CSD besin.

Voordat die onkritiese triomfantisme kan plek maak vir die nodige kritiese evaluasie van demokratiese kapitalisme, is dit waarskynlik nodig dat mense in ten minste akademiese kringe sal toegee dat dit nie geoorloof is om die Sowjet-Unie se '*Commandism*' as *actual existing socialism* te bestempel nie. Hoewel die ideologiese oorwinning wat die demokratiese kapitalisme behaal het, beslis baie belangrik is, was dit nogtans nie 'n oorwinning oor *demokratiese* sosialisme nie, maar oor diktatuur, oor dwingelandy en oor 'n bevel-ekonomie. Schumpeter se verwering van die Stalinistiese Kommunisme in 1947 omdat dit nog demokratiese nog sosialisties was, moet nie geringgeskat word nie. Dit is lankal nodig dat ander sosiaal-wetenskaplikes ook sal toegee dat die

Sowjetbestel weliswaar 'n uiters lompe en onmenslike eksperiment in gesentraliseerde ekonomiese beplanning was, maar tog nie 'n voorbeeld van demokratiese sosialisme was nie.

Schumpeter se argument dat kapitalisme nie sy eie sukses kan oorleef nie, het in 'n belangrike mate te make gehad met die (ideologiese) kritiek wat die intellektuele groep mettertyd teen die kapitalistiese beskawing sou opper en met die magstewigbalans wat gaan ontstaan vanweë die grootskeepse burokratisering van sowel die private as die openbare sektor. Om die huidige relevansie van CSD te bepaal, sou 'n voorraadopname gemaak kan word van wat met die kritiek van die intellektuele groepe teen die kapitalistiese beskawing gebeur het en hoe die magstryd tussen (politieke) demokrasie en (ekonomiese) kapitalisme oor die afgelope 50 jaar ontplooи het.

Die huidige rol van die intellektuele groep

Die oplaaiende kritiek van die intellektuele groep teenoor die kapitalistiese beskawing en die *bourgeois scheme of values*, was oor die afgelope vyftig jaar nie naastenby so sinies, so fel en so antagonisties soos Schumpeter verwag het nie. Verskeie redes sou hiervoor aangevoer kon word. Eerstens sou mens kon argumenteer dat Schumpeter se pessimistiese prognose van kapitalisme eerder aan sy eie (pessimistiese) geestesingesteldheid toegeskryf moet word.

'n Tweede rede waarom die intellektuele groep nie sulke 'vernietigende' kritiek teen die kapitalisme en die demokrasie geopper het soos Schumpeter voorsien het nie, word deur Francisco Weffort verskaf. Volgens hom het die moderne kapitalisme wel die 'beskermende strata' (bv. die feodale oorblyfsels en die aristokratiese stande) vernietig, soos Schumpeter voorsien het, maar dit het nie die katastrofale gevolge gehad wat hy in die vooruitsig gestel het nie: *On the contrary, successful modern capitalism rose to the challenge by devising other protecting mechanisms ... (it) proved itself able to neutralize the hostility of intellectuals, even to the point of gaining the adherence of many of them* (Weffort, 1992:91).

'n Derde rede word deur Alperovitz en Bird verskaf. Hulle beweer dat die Koue Oorlog in veral die VSA 'n belangricker rol gespeel het om die rasionaliteit te verskaf vir hoë wapenbesteding waardeur die

kapitalistiese ekonomie kunsmatig gestimuleer is, *but thereby concealing deeper problems in the economic system*. Net so het die prominente aandag wat die media aan die Koue Oorlog gewy het, *a wide range of domestic issues* tot 'n sekondêre rol gedelegeer en bygedra to the destruction of the Left in the United States ... (This) decline of the Left in turn made it easier for the media to ignore domestic problems. Hulle voorsien dat met die verdwyning van die mentaliteit wat deur die Koue Oorlog geskep is, dit waarskynlik is dat *the shroud of misconceptions, political hysteria, and the fears that have prevented serious discussion of critical (socio-economic and political) issues* uit die weg geruim sal word. Hulle voorspel dat die meriete van die kapitalisme voortaan skerper onder die soeklig geplaas sal word (Alperovitz & Bird, 1992:208-209).

William Keegan opper, in 'n resente boek, verskeie argumente waarom skerper kritiek op die kapitalisme verwag kan word ná die kapitalisme se triomf oor die kommunisme. Ten spyte van hierdie triomf, gaan die kapitalisme volgens hom die laaste dekade van die millennium binne *with business and consumers suffering from a crisis of confidence and politicians and government officials from a crisis of competence* (Keegan, 1992:187-188).

Paul Steidlmeier toon in 'n boek oor *The ethics of capitalism* (1992) aan dat dit 'n ernstige misvatting is om te dink dat die morele vraagstukke van gelykheid en sosiale regverdigheid nie meer brandende vraagstukke is noudat die sosialisme gediskrediteer geraak het nie. Volgens hom sal voortaan skerper gefokus word op die morele probleme wat aan die kapitalisme – of wat Schumpeter die *bourgeois scheme of values* genoem het – verbonde is:

With the swift demise of socialism in Europe ... many observers have presaged the dawn of a new world order ... based on constitutional democracy in politics and on free markets in the economy ... Care must be taken, however, to build a just market economy, not to settle just for a market economy. If socialist regimes are falling, the moral questions of equality and justice which gave rise to socialist thought are very much alive ... The challenge [facing the capitalist world after the demise of socialism] is to build genuinely caring institutions, which are protective of human rights (Steidlmeier, 1992:15).

Demokratiese kapitalisme, pluralisme en die wanbalans van mag

Die onderlinge verhouding en die magswanbalans tussen die demokrasie en kapitalisme het 'n baie omstrede aangeleenthed geword. Gabriel Almond wys daarop dat hierdie verhouding tans 'n ambivalente, 'n dialektiese en 'n baie gespanne verhouding is. Volgens hom kan die standpunte wat in die literatuur oor die onderlinge magsverhouding tussen demokrasie en kapitalisme ingeneem word, in twee duidelike groepe verdeel word. Enersyds is daar diegene (in veral die geledere van die neoliberaliste en neokonserwatiste) wat die interafhanglikheid en die onderling versterkende wisselwerking beklemtoon en optimisties is oor die versoenbaarheid oor die lang termyn van demokrasie en kapitalisme. Andersyds is daar 'n groot groep skrywers wat om verskillende redes van mening is dat die onderlinge verhouding tussen demokrasie en kapitalisme veral vanweë diepliggende strukturele ongelykhede noodwendig 'n gespanne en potensieel botsende verhouding is en dat die stabiliteit, en moontlik ook die voortbestaan van die kapitalisme, bedreig word deur die onvermydelike stryd om hegemonie tussen die (private sektor-georiënteerde) kapitalisme en die (openbare sektor-georiënteerde) demokrasie (Almond, 1991:467-473).

In die derde kwart van die 20ste eeu, toe die geïndustrialiseerde lande hulle 'goue era' beleef het, het 'n algemene konsensus bestaan dat die aanvaarding van universele stemreg en die opkoms van verteenwoordigende demokrasie 'n belangrike bydrae gelewer het om die kapitalisme as 't ware meer 'beskaafd' te maak en dat universele stemreg en die welsynstaat groter lewensvatbaarheid aan die kapitalisme verleen het.⁴

Die standpunt dat demokrasie en kapitalisme nie met mekaar versoenbaar is nie, maar geneig is om mekaar onderling te ondermyn, het 'n lang geskiedenis in die literatuur. Terwyl hierdie standpunt enigsins op die agtergrond geskuif is gedurende die derde kwart van die 20ste eeu – toe geïndustrialiseerde lande hulle 'goue era' beleef het – het dit sedertdien weer sterk na vore getree.

'n Belangrike rede hiervoor is dat die verdeling van eiendom en inkome steeds baie ongelyk in geïndustrialiseerde lande is, ten spyte van die welsynstaatbeleid. Arthur Okun wys daarop dat die onderste

helfte van alle Amerikaanse gesinne slegs sowat 'n tiende van alle rykdom besit en rofweg 'n kwart van alle inkome ontvang. Op die vraag *How then does capitalism survive in a democracy?* antwoord hy: *The tolerance of the masses for economic inequality is puzzling*. Een moontlike verklaring wat Okun vir hierdie raaisel kan aanvoer, is dat die ongelyke verspreiding van mag en propaganda aan die rykse die vermoë verleen om verkiesings te 'manipuleer': *Both economic and political power remain concentrated in the same minority, which perpetuates oppression and inequality* (Okun, 1975:32-33).

Die bydrae wat Robert Dahl in hierdie verband gemaak het, is insiggewend uit 'n Schumperteriaanse oogpunt. In boeke wat hy tot en met die sewentigerjare gepubliseer het, was hy optimisties dat *power is effectively (enough) disaggregated and non-cumulative* en dat 'n soort pluralistiese netwerk van magsgroeperinge in geïndustrialiseerde lande bestaan wat verseker dat 'n sterk genoeg neiging na 'n 'mededingende ewewig' teenwoordig is. In hierdie globale ewewig speel die demokrasie wat uit *multiple groups and multiple minorities* bestaan, volgens Dahl 'n stabiliserende rol veral ook omdat die bevolking van geïndustrialiseerde lande 'saamgebind' word deur 'n *value consensus that stipulate the parameters of political life* (Dahl, 1961).

Sedert 1985 neem hy egter 'n standpunt in wat merkwaardig ooreenstem met dié van Schumpeter. Na aanleiding van die ongelyke verspreiding van eiendom en mag, en die ongelyke toegang tot inligting en propaganda, is die moderne korporatiewe kapitalisme (*inclined*) to produce [additional] inequalities in social and economic resources so great as to bring about severe violations of political equality and hence of the democratic process... (Dahl, 1985:60).

In die sewentiger- en tagtigerjare het 'n skerp debat tussen die *New Right* en die *New Left* ontwikkel oor die rol wat demokrasie ten opsigte van korporatiewe kapitalisme speel of behoort te speel. Die *New Right* beweer dat die 'demokratisering' en 'welfarization' van die kapitalisme te ver gevoer is en dat alle geïndustrialiseerde lande nou met die krisis van 'n 'overload government' opgeskeep sit. Die stelsel van universele stemreg het volgens neoliberalie soos Hayek en Nozick tot oordrewe aansprake en oordrewe verwagtings by die breë kieserskorps gelei wat saamval met 'n ontstellende afname aan 'n openbare pligsbesef by die kiesers.

Die *New Left*, daarenteen, beweer dat 'n *legitimiteitskrisis* ontstaan het omdat die regerings weliswaar deur universele stemreg verkies word, maar dat hulle vermoë om te regeer erg aan bande gelê word deur hulle afhanklikheid van geld wat tot groot hoogte deur private korporasies gegenereer word. Die staat moet besluite neem wat versoenbaar is met die langtermynbelange van die korporatiewe sektor, terwyl dit ook die indruk moet wek dat dit neutraal staan teenoor die veelvoud van stande en/of groepsbelange sodat die regerende party sy breë kiesersteun kan handhaaf. Hierdie botsende verantwoordelikhede het 'n verlamende effek op demokraties verkose regerings. In die praktyk beteken dit dat die goed georganiseerde en goed geïntegreerde mag en rykdom van 'n klein minderheid die 'populêre wil' van die meerderheid kan neutraliseer en nie alleen die gang van die politiek nie, maar ook die lewensingesteldheid van die 'kapitalistiese beskawing' kan voorskryf.

Die *New Right* lever 'n sterk pleidooi dat die gevare wat die groeiende mag van die *demos* (d.w.s. meerderheidsregering) vir die kapitalisme inhou, besweer moet word met die Rechtstaat-idee of sogenaamde *legal democracy*. Hayek tref 'n onderskeid tussen liberalisme (wat hy verkies) en demokrasie (wat hy vrees): *Liberalism is a doctrine about what the law ought to be, democracy a doctrine about the manner of determining what will be the law ... While liberalism regards it as desirable that only what the majority accepts should in fact be law, its aim is to persuade the majority to observe certain principle* (Hayek, 1960:103-104). Verskeie *New Right*-skrywers hoop om deur onbuigsame 'legalistiese beginsels' (of deur die sogenaamde *Rule of Law*) streng perke te lê op sowel die wetgewende magte as die bestedingsvermoë van meerderheidsregerings. Hulle hoop dat dit moontlik sal wees om met behulp van die Rechtstaat die kontoere te bepaal wat die toekoms van sowel die vrymarkekonomie as die 'minimum staat', teen die aanslag van die *demos*, sal waarborg (Hayek, 1982 en Nozick, 1974).

In sterk opposisie tot die *New Right*, beywer skrywers van die *New Left* soos Pateman, Macpherson en Poulantzas hulle vir 'n vorm van *deelnemende demokrasie*. In die tradisie van Rousseau en J S Mill – of in die tradisie wat Schumpeter die 'klassieke teorie van demokrasie' genoem het – beklemtoon hulle die kontrolerende rol wat die sogenaamde *civil society* ten opsigte van die politieke én ekonomiese

magshebbers behoort te speel. Hulle argument ten gunste van *participating democracy ... is (that it) fosters human development, enhances a sense of political efficacy, reduces a sense of estrangement from power centres, nurtures a concern for collective problems and contributes to the formation of an active and knowledgeable citizenry capable of taking a more acute interest in governmental affairs* (Held, 1987:259).

David Held meen ook dat die legitimiteitskrisis waarin demokratiese kapitalisme beland het, net deur tweeledige strukturele hervorming beredder kan word – deur 'n *her-vorming* van die staat se magstrukturé én deur 'n *herstrukturering* van die burgerlike gemeenskap:

For democracy to flourish today it has to be reconceived as a double-sided phenomenon concerned with the reform of state power and with the restructuring of civil society ... Such a process of 'double democratization' must be premised by the acceptance of both the principle that the division between state and civil society must be a central feature of democratic life and the notion that the power to make decisions must be free of the inequalities and constraints imposed by the private appropriation of capital (Held, 1987:283).

In twee resente artikels toon David Held aan dat die sogenaamde *globalisation* van die internasionale orde, wat gedurende die Koue Oorlog ontwikkel het, die strukturele wanbalans tussen korporatiewe kapitalisme (in die *global interconnectedness* daarvan) en die demokratiese regerings van individuele lande, ernstig gekompliseer het. Volgens hom het die magsverhouding tussen die *global economy* en individuele state soveel te meer *insufficiently symmetrical and congruent* geword. Hy wyt hierdie stand van sake aan *the emergence of a global economic system which outreaches the control of any single state (even dominant states)*... (Held, 1991:145-146 en 160 en Held, 1992).

Schumpeter het voorsien dat die stabiliteit van die stelsel van demokratiese kapitalisme met verloop van tyd ernstig ondermyn kan word deur die magswanbalans wat tussen die demokraties beheerde openbare sektor en die kapitalisties beheerde private sektor gaan ontstaan. Hy was van mening dat demokratiese kapitalisme nie kan oorleef nie, omdat die demokraties beheerde openbare sektor hierdie magstryd gaan wen. Op die oomblik is die magsoorwig tussen die

demokraties beheerde openbare sektor en kapitalisties beheerde private sektor volgens die *New Right* aan die kant van die eersgenoemde terwyl die *New Left* meen dat dit aan die kant van die laasgenoemde is – veral as kapitalisme in sy globale dimensie verreken word. Indien die *New Right* nie met sy pleidooi van *minimum government* slaag nie, en die *New Left* ook nie met sy pleidooi vir *double democratization* en vir toepaslike demokratiese verantwoording van die globale ekonomiese nie, kan demokrasie en kapitalisme tog onversoenbaar blyk en kan demokratiese kapitalisme wel in 'n *bestaanskrisis* beland. Vir die *New Right* is die oorsaak van die krisis van demokratiese kapitalisme nie in die kapitalisme geleë nie, maar in die oormaat van *deelnemende demokrasie* en in die oorgroeidheid van die welvaartstaat. Vir Held – as 'n verteenwoordiger van die *New Left* – is die krisis deels in die oordreve maguskonsentrasie van die korporatiewe kapitalisme (ook in sy globale dimensie) geleë, en deels in die strukturele 'onderontwikkeling' van sowel die burgerlike samelewing as die stelsel van deelnemende demokrasie.

Indien Schumpeter vandag 'n diagnose van die *bestaanskrisis* – soos hy dit sou sien – van demokratiese kapitalisme kon maak, sou sy diagnose nader aan dié van die *New Left* as dié van die *New Right* gestaan het. Al raakpunt wat hy met die *New Right* sou hê, is dat hy hul vrese oor die magswanbalans wat deur *deelnemende demokrasie* versoorsaak kan word – hetsy in 'n kapitalistiese, hetsy in 'n sosialistiese ekonomie – sou deel. Maar net soos die *New Left*, sou hy die bestaanskrisis van demokratiese kapitalisme ook deels aan die oordreve maguskonsentrasie van korporatiewe kapitalisme en deels aan die strukturele 'onderontwikkeling' van die burgerlike samelewing toegeskryf het. Anders as Held, sou hy hom nie vir deelnemende demokrasie beywer het nie (omdat dit in die tradisie van die klassieke demokrasie-teorie staan) en sou hy sy pleidooi vir kompeterende elitisme of leierskapsdemokrasie herhaal het.

Dit is egter twyfelagtig of Held se deelnemende demokrasie en Schumpeter se leierskapsdemokrasie soveel van mekaar verskil in 'n wêrld wat deur 'consumerism' en massamedia oorheers word. Dit is egter moontlik dat Schumpeter nog groter gewag sou maak van die strukturele 'onderontwikkeling' – of 'wanontwikkeling' – van die burgerlike samelewing as Held en ander *New Left*-skrywers. Sy

beswaar teen die burgerlike samelewing sou waarskynlik gemik wees teen die gebrek aan die nodige kritiese ingesteldheid in die geledere van die intellektuele groep én teen die te klakkeloze aanvaarding van die *bourgeoisie scheme of values* deur die breë publiek.

Watter effek die ontluikende Nuwe Wêreldorde en die verdwyning van die beskerming wat die ideologiese 'kokon' van die Koue Oorlog gebied het gaan uitoefen op die strukturele wanbalanse en die lewensvatbaarheid van demokratiese kapitalisme, is moeilik voorspelbaar. Wat wel met redelike stelligheid beweer kan word, is dat die huidige situasie hom beslis leen tot nuwe spekulasie oor *Capitalism, socialism and democracy*.

Notas

- 1 So gesien, kan Schumpeter se standpunt as 'n voorloper van Harold Perkin se interpretasie van die magstryd in die kapitalisme in veral die tweede helfte van die 20ste eeu gesien word. Volgens hom woed daar in alle hoogs geindustrialiseerde kapitalistiese lande 'n meedoënlose ideologiese magstryd oor die ekonomiese surplus tussen die private sektor se professionele mense (wat vryemark georiënteer is) en die openbare sektor se professionele mense (wat welsynstaatgeoriënteer is). In hierdie stryd gaan dit in die laaste instansie om *rent-seeking*, dit wil sê oor watter professionele 'stand' se verdienstelikheid die grootste is en daarom op die grootste deel van die 'surplus' geregty is (Perkin, 1989:Hf 10).
- 2 Schumpeter het met sy besware teen groter overheidsinmenging 'n belangrike kontradiksie wat in *mixed capitalism* ontstaan het, merkwaardig korrek voorsien. In die tydperk van ongebredelde kapitalisme het die entrepreneur volle verantwoordelikheid vir alle kostes (behalwe natureksternameiteite) aanvaar, terwyl hy die volle voordeel van profyte kon opeis. Maar met die opkoms van die *mixed capitalism* het die owerheid al hoe groter verantwoordelikhede vir die kostes van private (en dikwels grootskeepse) ondernemings aanvaar. Sommige skrywers is dan ook van mening dat die kontradiksie wat ontstaan het tussen die private toeëning van profyte enersyds en die *socialization of costs* (bv. kostes verbonden aan werkloosheid, aan navorsing en ontwikkeling, en aan nie-winsgewende en hoë risiko-ondernemings) andersys een van die hoofoorsake is van die *fiscal crisis of state* (vgl. O'Conner, 1973). Indien die owerheid sou besluit om as 'n uitweg vir sy fiskale krisis sy toevlug tot 'n socialisering van profyte sowel as kostes te neem, kan dit op die ou end blyk dat Schumpeter se 'voorspellinge' oor 'n volgehoue "socialisering" van die entrepreneursfunksie én van eiendom korrek blyk te wees (vgl. Bottomore, 1981:25).
- 3 Om aan te dui hoe uiters irrasioneel die vermeende rasionele optrede van hoë presteerders in 'n kapitalistiese ekonomie is, vergelyk hy hulle spottend met renperde en stoebulle: *Just as race horses and prize bulls are the grateful recipients of attentions which it would be neither rational nor possible to bestow on every horse or bull, so the super-normal human performer has to be accorded preferential treatment if the rules of economic rationality are to prevail* (208).
- 4 Almond stel dit soos volg: *We can argue that there is a clear positive impact of democracy on capitalism ... without ... 'democratization' and 'welfarization' it is doubtful that capitalism would have survived, or rather, its survival, 'unwelfarized', would have required a substantial repressive apparatus. The choice then would ... have been between democratic welfare capitalism and repressive undemocratic capitalism* (1991:473).

Bibliografie

- Ake, C. 1992. Devaluing democracy. *Journal of Democracy*, 3(3):32-36.
- Almond, G.A. 1991. Capitalism and democracy. *Political Science and Policies*, 24(3):467-474.
- Alperowitz, G. & Bird, K. 1992. The fading of the Cold War – and the demystification of twentieth-century issues. In: Hogan, M.J. (ed.) *The end of the Cold War*. Cambridge University Press: Cambridge.
- Bellamy, R. 1991. Schumpeter and the transformation of capitalism, liberalism and democracy. *Government and opposition*, 26(2):500-519.
- Berger, P. 1987. *The capitalist revolution*. New York: Basic Books, Wilwood House.
- Berger, P.L. 1992. The uncertain triumph of democratic capitalism. *Journal of Democracy*, 3(3):7-16.
- Bottomore, T. 1981. The decline of capitalism, sociologically considered. In: Heertje, A. (ed.) *Schumpeter's vision*. New York: Praeger.
- Dahl, R.A. 1956. *A preface to democratic theory*. Chicago: University of Chicago Press.
- Dahl, R.A. 1985. *A preface to economic democracy*. Cambridge: Polity Press.
- Dahl, R.A. 1990. *Dilemmas of pluralist democracy*. New Haven: Yale University Press.
- Fellner, W. 1981. March into socialism, or viable postwar stage of capitalism? In: Heertje, A. (ed.) *Schumpeter's vision*. New York: Praeger.
- Gill, R.T. 1967. *Evolution of modern economics*. New Jersey: Prentice-Hall.
- Haberler, G. 1981. Schumpeter's capitalism, socialism and democracy after forty years. In: Heertje, A. (ed.), *Schumpeter's vision*. New York: Praeger.
- Hayek, F.A. 1960. *The constitution of liberty*. London, Routledge and Kegan Paul.
- Hayek, F.A. 1982. *Law legislation and liberty*. London: Routledge and Kegan Paul.
- Heertje, A. (ed.) 1981. *Schumpeter's vision, capitalism, socialism and democracy of 40 Years*. New York: Praeger.
- Heilbroner, R.J. 1981. Was Schumpeter right? In: A Heertje (ed.), *Schumpeter's vision*. New York: Praeger.
- Held, D.H. 1987. *Models of democracy*. Cambridge: Polity Press.
- Held, D. 1991. Democracy, the nation-state and the global system. *Economy and Society*, 20(2):138-172.
- Held, D. 1992. Democracy: from city-states to a cosmopolitan order? *Political Studies*, 10-39, special issue.
- Keegan, W. 1992. *The spectre of capitalism, the future of the world economy after the fall of communism*. London: Rodins.
- Kumar, K. 1992. The revolution of 1989 - socialism, capitalism and democracy. *Theory and Society*, 21(3):309-356.
- Lambers, H.W. 1981. The vision. In: Heertje, A. (ed.) *Schumpeter's vision*. New York: Praeger.
- Miliband, R. 1992. The socialist alternative. *Journal of Democracy*, 3(3):118-125.
- Nozick, R. 1974. *Anarchy, state and utopia*. Oxford: Basil Blackwell.
- O'Conner, J. 1973. *The fiscal crisis of state*. New York: St. Martins Press.
- Okun, A.M. 1975. *Equality and efficiency: the big tradeoff*. Washington D.C. The Brookings Institution.
- Perkin, H. 1989. *The rise of professional society - England since 1980*. London: Routledge.
- Przeworski, A. 1992. The neoliberal fallacy. *Journal of Democracy*, 3(3):45-59.
- Samuelson, P.A. 1981. Schumpeter's capitalism, socialism and democracy. In: Heertje, A. (ed.) *Schumpeter's vision*, New York: Praeger.
- Schumpeter, J.A. 1939. *Business cycles*, (2 volumes). New York: McGraw-Hill.
- Schumpeter, J.A. 1942. *Capitalism, socialism and democracy*. London: George Allen & Unwin, third edition, 1950.
- Schumpeter, J.A. 1950. The march into socialism. *American Economic Association, papers and proceedings*.
- Steidlmeier, P. 1992. *People and profits, the ethics of capitalism*. New Jersey: Prentice Hall.